Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Somer 2024/2025

AfriForum Tydskrif




ISSN 2313-1144

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede




www.akademia.ac.za

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.

# Binnekant

Forum Tydskrif | Somer 2024 | Uitgawe 32


5 Redakteursbrief

6 Afrikaans is lekker!

8 Kom ons vier Afrikaans

10 Hier praat ons Afrikaans

12 Afrikaans is lekker vir my

14 Die storie van Afrikaans

16 Bela-aksieberaad

18 25 jaar van Kallie

21 Naboomspruit

22 Benoni

23 Topbuurtwagte

24 Centurion-herwinningsprys

25 Lichtenburg

26 George

27 Bethlehem

28 Malmesbury

29 #VulDieGat

32 Boomplantmaand

33 Vierpuntwaterplan

34 Taksuksesse

38 Privaat vervolging

40 Interkulturele samewerking en verhoudings

42 AfriForum ondersteun moedertaalgebruik

44 Entrepreneur van die jaar

46 Mensehandel

49 Interpol

50 Vullisverwydering

52 Polisiereaksietye

53 Dink of Sink 2024

55 Wêreldwyd

57 Prieska-museum

58 Nuut op AfriForumTV



## DIE SPAN

**Redakteur**
Ilze Nieuwoudt
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Joernaliste**
Carina Bester
Marthinus Koekemoer
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Advertensies**
Denise Viljoen
denise.viljoenx1@outlook.com
**Grafiese kunstenaars**
Thomas Snyman
Talia du Plessis
**Medewerkers**
Kallie Kriel
Alana Bailey
Sue-Ann de Wet
Ernst van Zyl
Nicolene Müller

## VERSPREIDING
On the Dot

## DRUKWERK
Novus Print

## UITGEWER
AfriForum


Hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* is digitaal per WhatsApp aan lede gestuur. Dit kan ook aanlyn gelees word by **www.forumtydskrif@afriforum.co.za**. Stuur 'n e-pos na **navrae@forumtydskrif.co.za** vir enige terugvoer.

Voorblad: Bela-protesoptog, 5 November 2024 (Foto: Reint Dykema)


**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za

# Kom kuier in die Kaap by DREAM HOTELS & RESORTS

## 25%-ledekorting


THE PENINSULA ALL-SUITE HOTEL (SEEPUNT)


LE FRANSCHHOEK HOTEL EN SPA (FRANSCHHOEK)


PIEKENIERSKLOOF MOUNTAIN RESERVE (CITRUSDAL)

## 15%-ledekorting


AVALON SPRINGS (MONTAGU)


STONEHILL RIVER LODGE (SWELLENDAM)


HARTENBOS LAGOON RESORT (HARTENBOS)


OAKLANDS ON THE KNOLL (KNYSNA)

Kontak sentrale besprekings by **0861 010 347** of **reservations@dreamresorts.co.za** (weeksdae van 08:00 tot 17:00). Bepalings en voorwaardes geld.
**www.dreamresorts.co.za**

# 'n Tyd om te vier

Ilze Nieuwoudt – Redakteur



Afrikaners is plesierig, al jare lank. Ons hou van partytjies en feeste – alles van 'n bruilofsfees tot taalfeeste. Dink maar aan die taalfeeste van ouds. In 1959 het die land feesgevier onder die tema "Die wonder van Afrikaans". Monumente is opgerig en selfs die Engelse dagblad *Rand Daily Mail* se plakkate in Mei daardie jaar het verklaar: "Vandag praat ons Afrikaans."

In 1975 is Taaljaar gevier om die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) 100 jaar tevore, asook die 50 jaar sedert die erkenning van Afrikaans as amptelike taal te vier. In dié jaar is fakkels uit elke uithoek van die land en selfs die destydse Suidwes-Afrika en Rhodesië aangedra na die Paarl. Op Pêrelberg is die Afrikaanse Taalmonument daardie jaar ingewy. Die land en sy mense was aan die praat en feesvier.

Ons staan weer midde in 'n feesjaar. Afrikaans is gemaak, geskaaf en gebou en is in 2025 reeds 100 jaar lank 'n amptelike taal. Daar is nou amper meer rede om die jong taal se mylpale te vier as destyds. Afrikaans word tans van alle kante geteiken. Of dit nou deur wetgewing soos die nuwe Onderwyswet (Bela) is, of deur magsbehepte politici wat eentalige skole (lees: Afrikaanse skole) teiken om te verengels, of die illusie dat Afrikaans g'n waarde het nie en dat Engels in die wêreld van werk noodsaaklik is.

> **Afrikaans is gemaak, geskaaf en gebou en is nou reeds 100 jaar lank 'n amptelike taal.**

Tog, ten spyte van dié uitdagings groei Afrikaans steeds.

Die Prediker se bekende woorde oor die gepaste tyd vir alles kom onwillekeurig by my op in dié tyd. Ja, daar is 'n tyd om te bou en 'n tyd om af te breek. Daar is 'n tyd om te huil en 'n tyd om te lag. So is dit ook met Afrikaans. Dis as 't ware die twee sye van die "Afrikaanse munt". Ons moet nou bou aan ons taal, terwyl ons die mure wat ons wil verdeel, afbreek. Ons moet huil oor die aanvalle teen ons taal, maar juig oor die oorwinning wat elke dag in en vir Afrikaans behaal word.

In hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* vier ons Afrikaans 100 in dankbaarheid. Ons vier die taal, die mense wat dié taal uitleef se prestasies en vier die wyse waarop AfriForum Afrikaans bevorder. Ons vier leiers wat sonder skroom elke dag kies om in Afrikaans te leef en werk. Ons treur (terwyl ons veg) oor die planne om Afrikaans in ons skole te verskraal. Ons bou aan Afrikaans op skole en span kragte saam met ander kultuurgemeenskappe om die waarde van moedertaal ook daar te help koester.

Die skrywer NP van Wyk Louw het eens verklaar dat die vervanging van Hollands met Afrikaans 'n broodsaak was – dus terselfdertyd noodsaaklik én broodnodig. Mag die beskerming van Afrikaans te midde van uiteenlopende druk vir ons in hierdie feesjaar ook 'n broodsaak wees.

*Lekker feesvier en lekker lees!*

## Wen in Afrikaans met *Forum Tydskrif*

Ter viering van Afrikaans 100 gee *Forum Tydskrif* twee geskenkpakke, gevul met lekkerlees- Afrikaanse boeke, ter waarde van R600 elk weg. Al wat jy moet doen om in aanmerking vir hierdie prys te kom, is om in 'n kreatiewe stemboodskap te verduidelik waarom jy lief is vir Afrikaans. Stuur ook jou naam, van, ouderdom en die naam van jou tuisdorp of -stad saam met jou stemboodskap voor 30 April 2025 per WhatsApp na 066 103 6499 en jy kan die gelukkige wenner van een van hierdie geskenkpakke wees.

"Laat ons daarom feesvier, nie met ou suurdeeg nie, die suurdeeg van kwaad en boosheid nie, maar met die ongesuurde brood van opregtheid en waarheid." – **1 Korintiërs 5:8 (2020-vertaling)**



# Afrikaans is lekker ...
## daarom veg en bou ons vir dié taal

Deur Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum | Foto's: Verskaf

AfriForum gaan in die komende jaar saam met talle ander organisasies en individue die honderdste herdenking van Afrikaans as amptelike taal vier. In 2025 herdenk AfriForum ook die feit dat dit 150 jaar is sedert die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) tot stand gekom het en 'n groot rol begin speel het om die Afrikaanse taal te begin formaliseer. Natuurlik het die ontstaansproses van Afrikaans al lank voor 1925 in 1875 begin afspeel. Die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in 1925 was egter 'n belangrike mylpaal vir dié taal op die pad om een van slegs vier tale ter wêreld te word om gedurende die 20ste eeu te moderniseer tot 'n volle funksionele taal. Dít is iets om op trots te wees en te vier.

Afrikaans vorm 'n kernelement van dit wat AfriForum is en waarvoor dié organisasie staan. 'n Groot komponent van AfriForum se lede en baie ander landsburgers droom, bid en dink in Afrikaans, ontvang en gee onderrig in dié taal en kuier saam met vriende en familie in Afrikaans. Dit is lekker om Afrikaans te praat. Meer nog, Afrikaans staan sentraal tot die onderskeie kulturele identiteite van Afrikaanssprekendes.

**Afrikaans: 'n Huis met vele kamers**

Die Afrikaanse huishouding het vele kamers deurdat Afrikaans 'n kerndeel van die identiteit van verskeie volke in die land vorm. Hierdie volke sluit onder meer in die Griekwas, Namas, Koranna, San, mense wat hulself as bruin Afrikaanssprekendes beskou en Afrikaners. Binne hierdie konteks is dit normaal om veelvuldige identiteite te kan hê. Iemand kan tegelyk 'n Griekwa en deel van die breër Afrikaanssprekende gemeenskap wees. Op soortgelyke wyse is ek persoonlik trots om 'n Afrikaner en tegelyk deel van die groter Afrikaanssprekende gemeenskap te wees. Ek het ook ander identiteite soos onder andere dié van 'n trotse pa en Christen.

**Miskenning van Afrikaners**

Daar is ongelukkig enkele individue (gelukkig sonder wesenlike steun) wat verdeeldheid in die Afrikaanse gemeenskap wil saai deur een van die Afrikaanse identiteite, naamlik Afrikanerskap, se bestaan te bevraagteken, te



Die embleem van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) wat in 1875 in die Paarl tot stand gekom het om Afrikaners te oortuig dat hulle 'n eie taal – Afrikaans – het.

stereotipeer en valslik af te maak as uitsluitend en rassisties. Daar is nie 'n groter skending van iemand se menswaardigheid as om wie en wat hulle is te minag nie. Gelukkig besef die meerderheid lede van die Afrikaanse taalhuishouding dat die beste wyse om eenheid in verskeidenheid te bou is deur wedersydse erkenning en respek te bevorder tussen die onderskeie Afrikaanse identiteite. Kom ons wees gemaklik met wie elkeen van ons is, respekteer dit waaroor ons verskil en werk eerder saam vir ons gedeelde belange, wat die Afrikaanse taal insluit.

**AfriForum bevorder samewerking**

Terwyl AfriForum geensins huiwer om toe te tree tot kwessies wat Afrikaners raak nie en met trots deelgeneem het aan die opstel van die Afrikaner Verklaring wat in Mei 2024 bekendgestel is, neem ons ook met ywer deel ter bevordering van die breër Afrikaanse gemeenskap se belange. Juis daarom is AfriForum trots lid van die Afrikaanse Taalraad (ATR), werk ons aktief saam met Kaapse Forum om bruin Afrikaanssprekendes se belange te bevorder en ondersteun ons Kaapse Forum se projekte om onderrighulp aan behoeftige Afrikaanse skole te bied.

**Veg vir Afrikaans en teen die Bela-wet**

AfriForum se veg-en-bou-strategie is ook toepaslik op Afrikaans. Aan die een kant moet ons as waghond veg teen agteruitgang en miskenning van Afrikaans, terwyl ons aan die ander kant konstruktief moet bou aan 'n volhoubare toekoms vir Afrikaans en die taal se sprekers.

Terwyl AfriForum al op verskeie terreine geveg het vir Afrikaans, woed die felste aanslag teen Afrikaans op onderwysgebied. AfriForum het al miljoene rande spandeer om met sukses ter behoud van Afrikaanse skole te veg. Die owerheid poog egter om nou met die nuwe Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys (Bela) om die aanslag op Afrikaanse skole en kinders te versnel. Dié wet se taal- en toelatingsbepalings gee aan 'n provinsiale onderwyshoof die finale besluit oor 'n skool se taal- en toelatingsbeleid. Die optrede en uitsprake van anti-Afrikaanse ideoloë soos Panyaza Lesufi, die huidige premier van Gauteng, en die Gautengse Onderwysdepartement toon duidelik dat die Bela-wet 'n daad van aggressie is wat gemik is op nie net Afrikaans nie, maar ook op Afrikaanssprekendes.

Jou steun as AfriForum-lid maak dit gelukkig vir AfriForum moontlik om enduit teen die anti-Afrikaanse bepalings van die Bela-wet te veg.

Pres. Cyril Ramaphosa het tydens my gesprek met hom in September vanjaar aangedui dat hy die taal- en toelatingsklousules van die Bela-wet weer tot die einde van 2024 vir gesprekvoering sal heropen. Dit is 'n positiewe stap, maar ons moenie naïef wees om te dink die stryd is naby aan wen nie. AfriForum gee prioriteitsaandag hieraan en werp alles in die stryd. Sou dit nie slaag nie, sal ons die Bela-wet enduit in die howe en selfs, indien nodig, internasionaal beveg.

Ons sal dit doen omdat Bela Afrikaanssprekende gemeenskappe in 'n stryd om oorlewing dompel. Afrikaanse skole speel 'n sleutelrol in Afrikaanse gemeenskappe om identiteit aan volgende geslagte oor te dra. Ons is dit aan ons kinders en ons kinders se kinders verskuldig om nooit toe te gee aan dié wat van Afrikaanssprekendes ontslae wil raak nie.

**Bou vir Afrikaans**

Om net te veg teen die owerheid vir die behoud van Afrikaans is nie genoeg om 'n volhoubare toekoms vir Afrikaans en Afrikaanssprekendes te verseker nie. Daarom is dit veel belangriker dat ons self met ywer moet bou aan instellings en aksies waardeur ons selfstandig na Afrikaans en Afrikaanssprekendes se belange kan omsien.

AfriForum is aktief besig met die vestiging van instellings soos AfriForum Teater en AfriForumTV, asook die aanpak van talle projekte by Afrikaanse skole en kleuterskole. AfriForum werk ook aktief daaraan om Afrikaans onder ons mense in die buiteland lewend te hou deur AfriForum Wêreldwyd se betrokkenheid by die Afrikaans is Lekker-musiekkonserte waar top- Afrikaanse sangers oor die hele wêreld heen optree.

Ook binne die Solidariteit Beweging, waarvan AfriForum met trots deel is, word instellings geskep waardeur Afrikaans kan leef. Dit sluit onder meer in Maroela Media en onderriginstellings soos Akademia, Sol-Tech, Bo-Karoo Opleiding, Solidariteit Helpende Hand se opleidingsinstituut en die nuwe privaat skool Gimnasium Pretoria.

Daar ís hoop vir Afrikaans, want ons bou self die toekoms daarvan met genade van Bo. So tussendeur die harde bouwerk is dit egter belangrik dat ons ook die taal en wie en wat ons is geniet, want Afrikaans is immers lekker!




Kaapse Forum, AfriForum se sustersorganisasie, het in Januarie 2024 tassies, gevul met broodnodige skryfbehoeftes, aan onder meer 'n gemeenskaps- en nasorgsentrum in Morningstar, Durbanville, geskenk.

# Kom ons vier en geniet Afrikaans!



Deur Alana Bailey – hoof van Kultuursake by AfriForum | Foto's: Verskaf

Sedert AfriForum in 2006 met ons werksaamhede begin het, het ons deurentyd vir Afrikaans geveg en daaraan gebou.

Daar was onder meer die hofsake vir die behoud van Afrikaans as onderrigtaal by openbare skole en universiteite, met die groot oorwinning toe die Konstitusionele Hof in 2021 in die saak oor die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) se taalbeleid in AfriForum se guns beslis het.

Waar wetgewing die taal bedreig, soos met die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys (Bela), het ons alle moontlike aksies aangepak om dit teen te staan.

Daar was ondernemings wat ons help oortuig het om ook Afrikaanse diens te lewer wat nou die vrugte pluk van 'n lojale Afrikaanse kliëntebasis.

Daar was ondersteuning aan die kunste, waarvan AfriForum Teater se aanbiedings seker die mees voor die hand liggende voorbeeld is.

Soms het ons probeer om wat bestaan, te behou. Soms het ons verklaar "ons sal self" en nuwe skeppings ondersteun. Hier dink ek aan die veldtog vir die behoud van gedrukte Afrikaanse koerante, maar ook die steun aan Maroela Media.

Met die inhoud van ons SLIM-veldtog (SLIM is die akroniem vir **S**tudeer en **L**eer **I**n jou **M**oedertaal) het ons mense help bewus maak van die waarde van moedertaalonderrig.

En so kan ek aanhou.

Toe ons dus in 2022 genader word met die voorstel dat Mei 2024 tot Mei 2025 gevier moet word as die honderdste jaar van Afrikaans as amptelike taal, was dit amper 'n aanpassing om ons gedagtes van veg en bou na vier te verskuif. Hoe lekker was dit nie om 'n keer net aan die lekkerte van ons taal se lê op ons tonge te dink nie!

Natuurlik was daar dadelik weer die goor koor se stemme wat elke oomblik van vreugde uit die lewe wil tap. "Waarom vier julle nie eerder die ontstaan van Afrikaans in die 1600's nie?" "Waarom 1925 en nie 1875 nie?" "Ons het niks om te vier nie, kyk hoe gaan ons taal agteruit." "Wat help dit ons vier as jongmense woorde soos *awesome* en *cool* gebruik?"

Kom ons maak dit maklik: Ons vier ál die datums en werk om waar Afrikaans bedreig word, te keer. Kom ons leer ons kinders prettige Afrikaanse alternatiewe vir modewoorde soos *awesome* en *cool* sodat hulle nie meer lus voel om Mengels te praat nie!

Die Afrikaans 100-feesjaar skep die geleentheid om weer die vreugdekant van Afrikaans te verken.

Ek het begin by gedigte. AfriForumTV het met die oog op 'n nuwe program vir voorstelle gevra vir 'n lys van vyf gewilde gedigte in Afrikaans. Wat 'n stryd om net vyf te kies! My lysie het wel bestaan uit redelik ernstige gedigte, maar ek moes ook die humoristiese skeppings in Afrikaans onthou. Dink maar aan Tant Siena van A.G. Visser wat so 'n gewigtige vrou is dat selfs die padmakers hulle stampers kan neersit om haar stewige voete die werk te kan laat doen.

Vandaar af was dit 'n kort sprongetjie na unieke woorde in

> **Hoe lekker was dit nie om 'n keer net aan die lekkerte van ons taal se lê op ons tonge te dink nie!**



AfriForum ondersteun ook Afrikaanse kunste deur onder meer produksies wat in Afrikaans by AfriForum Teater aangebied word, soos *Die Kaplyn*-musiekblyspel.



Wanneer wetgewing Afrikaans bedreig, staan AfriForum op.

Afrikaans: aardvark, kameelperd, webwerf, swaardlelie, bromponie, hommeltuig. My kopieë van *Wilde Woordeboek* 1 en 2 het van die rak gekom en ek kon oor nuutskeppings soos bombaba (vir die Engelse *babe*), laatslaapete (*brunch*), bekrek (*chat*) en kwaadklits (*stir*) giggel.

Daarby sluit C.J. Langenhoven se spreuke aan, soos "Dit beteken nie altyd veel om 'n man van belang te wees nie. Die belangrikste persoon op 'n begrafnis is die dooie man."

Algaande besef 'n mens weer hoeveel opsies daar is om taal op jou eie óf saam met vriende en familie te geniet. Jy kan die kunste ondersteun, taalspeletjies speel, saam sing, of lees, of leer. Die moontlikhede is legio en Afrikaans 100 of enige ander taalfees is 'n handige kapstok om die geleenthede aan te haak.

Elke Sondag dank ons dominee die Vader vir die voorreg dat ons Hom in ons land vryelik mag aanbid en dat ons 'n Bybel in Afrikaans het. Volgens die Bybelvertalingsorganisasie The Word for the World is daar meer as 3 000 taalgemeenskappe wat nie die voorreg het van 'n Bybel in hul taal nie, terwyl ons selfs uit verskeie Afrikaanse vertalings kan kies.

By 'n aanlyn byeenkoms oor taalregte wat ek onlangs bygewoon het, vertel 'n spreker uit Egipte hoe haar taal, Nubies, nie onderrig mág word nie. 'n Spreker uit Mianmar beskryf die vervolging van sy gemeenskap, die Rohingya, wat insluit dat hulle taal se naam nie eens in die land genoem mag word nie. Ander minderheidstaalgroepe het soortgelyke stories oor vervolging, verdrukking en pogings om hul gemeenskap uit te wis deur hul taal te vernietig. Hulle mag nie eens hul kinders name in hul moedertaal gee nie. Ons dominee kan dus met reg dank uitspreek.

Navorsing dui aan dat ongebore kinders al so vroeg as op 24 weke tussen hul moeder se taal en ander kan onderskei. Ons moedertaal is dus so deel van ons soos ons DNS. Ons word letterlik met dit gebore. Om dié rede moet ons keer dat ons taal nie soos Nubies, Koerdies, Rohingya en ander tale verniel word nie, maar moet ons ook trots wees daarop en dit geniet.

Daar is nie eers meer rede om skaam vir ons aksent te wees nie, want in 2024 het die lesers van die reisjoernaal *Enjoy travel* ons Afrikaanse aksent as die tweede mees aantreklike aksent in die wêreld aangewys!

So komaan – vier vandag 'n slag Afrikaans. Laat die taal tintel op jou tong en dartel op jou lippe tot 'n lekker lag diep uit jou maag losskud!


C.J. Langenhoven

A.G. Visser

## Hoesê?

Kraakvars nuutskeppings maak Afrikaans selfs nóg lekkerder as voorheen. Probeer gerus een van dié tien raakvat sêgoed voordat jy meng-meng oorslaan na Mengels:

1. bombaba (vir die Engelse *babe*)
2. laatslaapete (in plaas van *brunch*)
3. bekrek (eerder as *chat*)
4. kwaadklits (vir *stir*)
5. warsender (wanneer jy verwys na 'n *signal jammer*)
6. Googleloer (in plaas van *google* as werkwoord)
7. woemastafie (eerder as *energy bar*)
8. visdamtsoenami (in die plek van *a storm in a teacup*)
9. staalkamp (in plaas van *bootcamp*)
10. skaamsokkies (vir die Engelse *secret socks*)

# Hier praat, leef én droom ons in AFRIKAANS

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Verskaf



Die kleurvolle handelsmerk van Afrikaans 100.

Die destydse redakteur van *The Natal Witness*, F. Horace Rose, het in 1926 oor Pietermaritzburg geskryf (in Engels natuurlik): "Die plek is geruïneer. Ek het vandag gehoor dat Afrikaans in die hoofstraat gepraat word ... in die openbaar!"

Dat dié uitlating gemaak is skaars 'n jaar nadat Afrikaans (uiteindelik) as amptelike taal in Suid-Afrika erken is, is seker nie vreemd nie. Die taal het al van die vroegste jare af teenkanting ondervind en het in 100 jaar sedertdien nog g'n rus beleef nie. In Rose se jare was die "kulturele arrogansie" van die meer welvarende Engelssprekende gemeenskap – soos wat die historikus prof. Hermann Giliomee dit bestempel – nog diepgewortel.

**Só veg AfriForum vir en bou AfriForum aan Afrikaans**

In die afgelope paar dekades is Afrikaans uit talle ruimtes geboender waar dit voorheen wyd gebruik is. Universiteite, staatsdepartemente, hofsale. Noem dit maar op. Afrikaans het 'n vreemde taal in dié leefruimtes geword. Die aanslag op Afrikaanse skole is die jongste toevoeging tot die stryd. Een taalkenner betrokke by die Europese Raad het tydens 'n onlangse internasionale taalwerkswinkel verklaar dat daar waar die taal van 'n minderheid in skole verbied word, die gewisse onderdrukking van daardie minderheid verwag kan word. Juis daarom is die beskerming van taal op skoolvlak noodsaaklik en 'n kernfokus van AfriForum.

Volgens Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, is AfriForum om verskeie redes verbind tot Afrikaans en die beskerming van dié taal. "Taal is nie net 'n kommunikasiemiddel nie," verduidelik sy. "Dit is die draer van kultuur, erfenis, denkpatrone en die aard van die taalgemeenskap. Deur die taal te laat stagneer, taalregte te ontken of dit te vernietig, word die taalgemeenskap en hul verlede stelselmatig uitgewis."

By AfriForum is die beskerming, gebruik en uitbou van Afrikaans as 't ware 'n voltydse taak. Een wat mnr. Rose van toentertyd waarskynlik rasend sou gelaat het, want deur die werk wat AfriForum aanpak, word Afrikaans met mening en passie in die openbaar gepraat, gebruik en gedroom.

En met Afrikaans wat aan die vooraand van sy 100ste bestaansjaarviering staan, is daar juiste meer rede om die taal op elke denkbare wyse te vier en, soos in die dae van die vroeë taalpioniers, te veg vir en te werk en bou aan dié taal.

**Afrikaans 100: 'n Viering van 'n kleurvolle taal van miljoene**

Al is Afrikaans as taal veel ouer as die eeu wat met Afrikaans 100 gedenk word, is besluit om die vestiging van Afrikaans as amptelike landstaal as vertrekpunt vir dié unieke taalfees te gebruik. Op 8 Mei 1925 is 'n reusemylpaal behaal toe die Wet op de Officiële Talen van de Unie tydens 'n gesamentlike sitting van die Unie-Volksraad en die Senaat eenparig aanvaar is. Dié wet het aan Afrikaans, soos Engels, die erkenning as


Met AfriForum se jaarlikse Dink of Sink- onvoorbereide debatskompetisie debatteer sowel laer- en hoërskoolleerders as universiteitstudente dat dit klap in Afrikaans.

amptelike taal van Suid-Afrika gegee.

Afrikaans 100, soos wat die veldtog vir die herdenkingsjaar wat in Mei 2024 afgeskop het bekendstaan, word aangevoer deur ’n groep Afrikaanse organisasies onder leiding van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM). Benewens dié organisasies is nagenoeg 150 ander organisasies, insluitend AfriForum, reeds geregistreer as vennote van Afrikaans 100.

Volgens René Arendse, die nasionale adjunkkoördineerder van Afrikaans 100, vier dié veldtog hoe ver Afrikaans gekom het – van kombuistaal tot ’n akademiese taal – maar is ook toekomsgerig. “Moedertaalonderrig lê aan die hart van hierdie projek,” verduidelik sy. “Onderwys en moedertaalonderrig is vir ons so belangrik, nie net vir die bestaan en die huidige stand van ons taal as ’n akademiese taal nie, maar ook vir die toekoms van ons taal.”

Die uitleef van Afrikaans op talle gebiede, insluitend die kunste, literatuur, onderwys, musiek en akademiese navorsing, lê boonop luidens die Afrikaans 100-aanvoerders aan die hart van die vieringe wat landwyd aangepak word, en by AfriForum is daar geen tekort aan ywer om Afrikaans in die komende jaar (en jare) te vier nie.


Projekte wat tans ter viering van Afrikaans 100 aangepak word, is uiteenlopend, verduidelik Bailey, en sluit onder meer in betrokkenheid by die restourasie van die historiese Groenbergskool op Wellington; navorsing oor persepsies oor en behoeftes aan Afrikaans in die sakewêreld; en verskeie opwindende programme wat deur AfriForumTV ontwikkel word. Intussen sit AfriForum ook sy stryd voort teen die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys (die Bela-wet) wat op 13 September 2024 deur pres. Cyril Ramaphosa onderteken is en plaas die kollig op Afrikaans 100 as deel van AfriForum se gewilde Dink of Sink- onvoorbereide debatskompetisie en sal die stories oor Afrikaanse taalhelde afstof.




# Afrikaans: ’n Lus vir die hart, oog én oor!

AfriForumTV se kreatiewe span pak die Afrikaans 100-bul behoorlik by die horings en kykers kan gereedmaak vir tonne vermaak in en oor Afrikaans. In die komende paar maande wag die volgende produksies op kykers:

- *Wortels en woorde*: Herleef die soetste Afrikaanse gedigte en ou volksliedere uit die pen van die woordmeesters van ouds met ’n tikkie nostalgie en ’n eietydse kleur en geur soos aangebied deur vandag se kunstenaars. Kyk uit vir die sanger en liedjieskrywer Danie Reënwolf en sy ewe talentvolle broer, Moskou du Toit, Pretoria FM se aktualiteit- en nuusredakteur Esmarie Yssel, die bekroonde akteur Tobie Cronjé en vele ander in dié reeks van agt episodes wat teen Mei 2025 beskikbaar sal wees op AfriForumTV.
- *Klein helde*: Vergeet van vaal vertellings oor donkiejare gelede se mense, want met *Klein helde* kan die kleinspan én hul ouers uitsien na kleurvolle en prettige klein stories oor groot helde uit die Afrikaner se verlede. Hierdie animasiereeks bevat reeds die verhale van Jan van Riebeeck en Emily Hobhouse. Die storie van Wolraad Woltemade is die nuutste toevoeging wat kykers vanaf Desember 2024 kan geniet, en in 2025 wag daar ook die storie oor een van Afrikaans se grootste digters, Totius.
- *Niemandsland*: Die vervaardiging van AfriForumTV se eerste vollengte rolprent, *Niemandsland*, sal in Afrikaans se herdenkingsjaar aangepak word en na verwagting later in 2025 vrygestel word. Dié rolprent speel af in die tyd direk na afloop van die verwoestende Anglo-Boereoorlog. Die geliefde aktrise Jana Strydom sal die hoofrol vertolk in dié verhaal waar die bittere stryd oor familiegrond stormsterk woed.


Tobie Cronjé

Geniet dié en ’n verskeidenheid ander Afrikaanse kykgenot gratis aanlyn op AfriForumTV. Besoek www.afriforumtv.co.za om ’n wêreld van topgehalte- Afrikaanse reekse, rolprente, dokumentêre, nuus en musiek te ontsluit.

# Afrikaans is lekker!

Deur Carina Bester | Foto's: Verskaf

*Die feesviering vir Afrikaans se 100ste verjaarsdag het reeds begin. Om ons geliefde taal te vier het* Forum Tydskrif *by 'n paar mense wat hoofsaaklik in Afrikaans werk gaan aanklop om te hoor waarom Afrikaans vir húlle lekker is.*



## Esmarie

**Esmarie Yssel** (redakteur van nuus en aktualiteit en omroeper by Pretoria FM)

**Afrikaans is lekker, want …** ons kan lekker kwinkslae uitdink en met woorde speel. Ons praat hard en lag hard en ons is trots daarop!
**Gunsteling- Afrikaanse woord:** "Boefkoets" is vir my die skeppendste beskrywing van 'n polisievangwa.
**Gunsteling- Afrikaanse sêding:** Ek sit nou so lekker. Ek staan sommer op en sit weer.
**Gunsteling- Afrikaanse boek:** Sjoe, dis die moeilikste vraag, want ek lees en koop boeke vandat ek baie klein is. My gunstelingkinderboeke is *Die Uile* van Cor Dirks, my gunstelingtienerliteratuur is dié van Louise Prinsloo (*Gedaantes en Geraamtes*-reeks) en die boek wat ek as volwassene gelees het wat my altyd sal bybly is *In die laksman se skoot* van Chris Marnewick.
**Is dit vir jou belangrik om in Afrikaans te werk?** Ek sou nie sê dis vir my maak of breek om in Afrikaans te moet werk nie, maar as 'n mens so bederf kan wees, soos ek is, om by 'n Afrikaanse werksplek te kan werk, dan is alles net makliker en jy voel of jy meer produktief kan werk omdat jy uiteenlopende onderwerpe in jou moedertaal beter begryp. Jy dink in Afrikaans, skryf in Afrikaans en werk meestal met ander Afrikaanse mense. Soos ek sê, dis nie 'n móét nie, maar beslis 'n groot bederf.
**Hoe sal jy wil hê moet Afrikaans bewaar en uitgeleef word?** Die trots om Afrikaans te wees moet gevoed en onderhou word, want so lank as wat ons trots is op ons taal, gaan ons Afrikaans praat, suiwer uitsaai in Afrikaans, Afrikaanse musiek luister, Afrikaanse boeke koop en na Pretoria FM luister.



## Keina

**Keina Swart** (skrywer en oudkoerantredakteur)

**Afrikaans is lekker, want …** ons het woorde wat ons wêreldwyd herkenbaar maak vir mekaar, soos "lekker"!
**Gunsteling- Afrikaanse woord/ sêding:** Die tieners in my huis se humorsin en nuwe uitdrukkings hou my op my tone. Die uitdrukking wat ek vanjaar by hulle geleer het is om "dik negatief" te wees. Dit beteken in tienertaal om kwaad of vies of moedeloos oor 'n situasie te wees. 'n Mens kan byvoorbeeld "dik negatief" wees as jy die yskas oopmaak en iemand het die laaste stukkie hoender geëet.
**Gunsteling- Afrikaanse boek:** *Pieternella van die Kaap* deur Dalene Matthee is een van die boeke wat ek weer en weer wil lees. Hoe dan anders met 'n openingsparagraaf soos dié: "Sy't dae lank gesoebat dat hulle haar nie moet wegstuur Mauritius toe nie. Geskop en geskree, gesê die Kaap is waar sy gebore is, dis haar hele lewe. Maar hulle wou nie hoor nie. Of traak nie."
**Is dit vir jou belangrik om in Afrikaans te werk?** Ek kan mooi beleefd gesels in twee ander tale as Afrikaans, maar sodra emosies betrokke is, wil ek my sê in Afrikaans sê. En wie wil nou emosieloos deur die lewe gaan?
**Hoe sal jy wil hê moet Afrikaans bewaar en uitgeleef word?** Solank as wat ons ons kinders in Afrikaans liefhet, sal Afrikaans voortleef. 'n Mens vergeet nooit die taal waarin jy jou eerste kinderstories gehoor het nie.



## Leon

**Leon van Nierop** (skrywer en resensent)

**Afrikaans is lekker, want …** niks kan 'n ding lekkerder beskryf as raakvat, lekkerpraat Afrikaans nie.
**Gunsteling- Afrikaanse woord/sêding:** Grieselgees (sinoniem vir "spook")
**Gunsteling- Afrikaanse boek:** *Asem* deur Jan Vermeulen
**Is dit vir jou belangrik om in Afrikaans te werk?** Dit is vir my van die allergrootste belang, want ek het die taal hartstogtelik lief en skryf my hele lewe lank in Afrikaans. Ek is dol daaroor om nuwe Afrikaanse woorde en gesegdes uit te dink, en dit maak die soepel taal nog beter.
**Hoe sal jy wil hê moet Afrikaans bewaar en uitgeleef word?** Ons moet aanhou om in Afrikaans te skryf en te praat, maar veral rolprente te maak en draaiboeke te skryf, want Afrikaanse films raak al minder en dit is 'n bekommernis. Hoe meer ons hom trots praat en skryf, hoe minder kans is daar dat hy onderdruk sal kan word.



## Annelise

**Annelise de Vries** (navorser, taalkundige en hoof- uitvoerende beampte van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns)

**Afrikaans is lekker, want …** ek kan my menswees ten volle uitleef daarin.
**Gunsteling- Afrikaanse woord/sêding:** 'n Taalkundige mag nie voorkeure hê nie.
**Gunsteling- Afrikaanse boek?** *Fees van die ongenooides* deur P.G. du Plessis
**Is dit vir jou belangrik om in Afrikaans te werk?** Ja. As 'n beroep nie in 'n spesifieke taal beoefen kan word nie, beteken dit dat die taal se woordeskat nie tred hou met nuwe tegnologieë en ontwikkelings nie – die taal se leksikon word dus verouderd; dit dui ook daarop dat die taal nie ekonomiese waarde het nie. As daar 'n persepsie is dat 'n taal nie werklik ekonomiese waarde het nie, het dit 'n negatiewe uitwerking op die vraag na hoër en basiese onderwys in daardie taal. As 'n taal nie as taal van onderrig en leer aangewend word nie, word die taal verskraal tot slegs laer funksies, wat op sy beurt weer 'n uitwerking het op taaloordrag tussen generasies.
**Hoe sal jy wil hê moet Afrikaans bewaar en uitgeleef word?** Die taalgemeenskap moet bewus gemaak word daarvan dat elke spreker binne sy/haar konteks en gemeenskap die verantwoordelikheid op mikrovlak het om die taal te bewaar; dit gaan nie deur die owerhede gedoen word nie. Voorts behoort die taalgemeenskap saam te staan en organisasies te ondersteun wat op verskillende terreine hulself vir Afrikaans beywer. Laastens moet die taalgemeenskap hul regte, soos deur die Grondwet gestipuleer, opeis en besef dat dit moontlik is om sinvol in Afrikaans (in sinergie met ander taalgemeenskappe in Suid-Afrika) te leef en te werk.



## Nico

**Nico Strydom** (redakteur by Maroela Media)

**Afrikaans is lekker, want …** dit is die taal waarin ek dink, droom en leef.
**Gunsteling- Afrikaanse woord/sêding:** Woorde wek, maar voorbeelde trek.
**Gunsteling- Afrikaanse boek/ gedig:** *êrens is jy* van Antjie Krog
**Is dit vir jou belangrik om in Afrikaans te werk?** Dit is vir my uiters belangrik om in Afrikaans te kan werk aangesien dit die taal is waarin ek dink en kan ek sodoende my denke en gedagtes verwoord in die taal wat ek leef.
**Hoe sal jy wil hê moet Afrikaans bewaar en uitgeleef word?** Afrikaans word bewaar wanneer dit uitgeleef word. So lank as wat mense Afrikaans praat, skryf en leef sal die taal groei en behoue en vormend bly.

# Die eeu (en méér) van Afrikaans

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Verskaf

Die storie van Afrikaans is mooi. Dis poëties. Dis kompleks en soms hartseer. Maar bowenal is dit die storie van mense wat die kombuistaal omskep het in 'n onderrigtaal, 'n wetenskapstaal, 'n amptelike taal en ja, 'n hartstaal. Afrikaans het nie sommer net "gebeur" nie. Afrikaans is, in die woorde van een van die taal se grootste seuns Jaap Steyn, gemáák.

Op 8 Mei 1925 het Afrikaans, naas Engels, 'n amptelike landstaal geword en in Mei 2025 word dié mylpaal as deel van die Afrikaans 100-feesjaar gedenk. Hoewel Afrikaans as amptelike taal nou eers die 100 jaar-merk bereik het, is die skep van Afrikaans al jare voor dié vreugdevolle dag begin. Stuk vir stuk en generasie vir generasie is daar gebou, gevorm en gemaak aan die taal wat vandag met meer as 6,57 miljoen moedertaalsprekers die land se derde grootste taal is.

Maar hoe lyk die storie van Afrikaans en hoe is hierdie taal dan gemaak? Hier is die storie van tien eerstes in Afrikaans.

### 1. Die eerste Afrikaanse koerant

Teen die einde van die 19de eeu was dit duidelik dat dit wat sommige as 'n dialek weens die verwaarlosing van Hollands beskou het, 'n eie taal kon word. 'n Klein groep Afrikaners, onder leiding van ds. S.J. du Toit, het dié nuwe taal as 'n skryftaal probeer vestig. Hulle was nie die eerstes om in Afrikaans te skryf nie, maar het wel daarna gestreef om dit op 'n georganiseerde wyse as skryftaal te bevorder. Op 15 Januarie 1876 verskyn die eerste uitgawe van die eerste Afrikaanse koerant, *Die Afrikaanse Patriot*. Dit sou jare neem voordat mense vertroud sou raak met Afrikaans as skryftaal in hierdie koerant. Die samestellers en lesers is gespot en selfs gedreig. Tog het geskrewe Afrikaans sy voete gevind en teen die vroeë 1880's was die oplaag van die *Patriot* groter as selfs die gewilde Hollandse koerante van die tyd.


DIE
Afrikaanse Patriot.
DEEL 1.] SATERDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.
"DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

### 2. Die eerste Afrikaanse spelreëls

Die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) wat op 14 Augustus 1875 in Pastorielaan in die Paarl gestig is, het hulle beywer vir Afrikaans as geskrewe taal. Die vestiging van spelreëls was daarom noodsaaklik. Die eerste elementêre spelreël was bloot: Ons skryf nes ons praat. Meer as 40 jaar later, in 1917, verskyn die eerste *Afrikaanse Woordelijs* en *Spelreëls (AWS)* waarvan die 11de uitgawe in 2017 die lig gesien het.



### 3. Die eerste Afrikaanse skole

Op 14 Maart 1883 open die Gedenkschool der Hugenoten (oftewel die *Gedenkskool fan di Hugenote*) sy deure op die plaas De Kleyne Bosch in Dal Josafat. Dit word as die eerste amptelike Afrikaanse skool beskou en het vele bekendes opgelewer, insluitend die digters A.G. Visser, Totius en D.F. Malherbe. Daar was in die 1840's ook reeds skole in die Kaapse Moslem-gemeenskap wat Afrikaans as onderrigtaal gebruik het. Hier is skryfoefeninge in Kaapse Afrikaans gedoen, maar met die Arabiese alfabet.

### 4. Die eerste Afrikaanse tydskrif

Tydens die taalkongres wat in Januarie 1896 gehou is, is besluit om die eerste Afrikaanse tydskrif, *Ons Klyntji*, op die been te bring.


Ons Klyntji
NOU FERKRYGBAAR!
Di Skool op di Heide.
WEER HERDRUK:


Tydens 'n gesellige byeenkoms stel die teoloog Jan Lion Cachet 'n heildronk op dié nuwe blad in: "Di Klyntji wat vandag gebore is, is 'n Klyntji wat hy al lang verwag het (gelag); want hy het di noodsakelikheid ingesiin dat ons Afrikaanse volk ook Afrikaanse leesstof moet hê." In Maart 1896 verskyn die eerste uitgawe van dié tydskrif met 'n oplaag van 500 tydskrifte. Binne slegs een jaar het die oplaag tot sowat 3 000 aangegroei.

### 5. Die eerste Afrikaanse historiese roman

'n Gewilde vervolgverhaal uit die pen van S.J. du Toit het in die eerste jare van *Ons Klyntji* lesers gaande gehad. Die reeks was so geliefd dat dit uiteindelik in 1898 in boekvorm gepubliseer is – hiermee het die eerste

historiese Afrikaanse roman, *Di Koningin van Skeba of Salomo syn oue goudfelde in Sambesia*, verskyn. Dit het sedertdien verskeie herdrukke beleef.

### 6. Afrikaans word vir die eerste keer amptelike skooltaal



C.J. Langenhoven is in Maart 1914 tot die Kaaplandse provinsiale raad verkies. Hy is aangemoedig om nie die stryd vir die erkenning van Afrikaans as onderrigtaal te voer alvorens Afrikaans genoegsaam in die pers en letterkunde bevorder is nie. Dié taalman het egter nie op hom laat wag nie en hom uit die staanspoor vir Afrikaans as onderrigtaal in skole beywer. In April 1914 word sy voorstel, om Afrikaans-Hollands as medium in die plek van Hollands ingestel te kry, aangeneem. In Junie word dieselfde voorstel in die Vrystaat en Transvaal goedgekeur. Die besluit word uiteindelik in 1918 in Transvaal geïmplementeer toe Afrikaans die plek van Nederlands inneem en in 1920 volg die skuif ook in Vrystaatse skole. *Die Burger* beskryf die instelling van Afrikaans as onderrigtaal as "niets minder dan een revolutie" in die Afrikaanse skryftaal.

### 7. Die eerste Afrikaanse rolprente

Hoewel die rolprent *De Voortrekkers*, wat in 1916 verskyn het, onthou sal word as die eerste Afrikaanse rolprent omdat dié stilprent Afrikaanse of Nederlandse flitskaarte gebruik het, behoort die titel van die eerste volwaardige



Afrikaanse klankrolprent aan *Moedertjie*. Dié rolprent het in 1931 verskyn en was 'n skamele 32 minute lank. Dié verwerking van J.F.W. Grosskopf se eenbedryf *In die wagkamer* het egter die weg gebaan vir 'n glansryke Afrikaanse rolprentbedryf.

### 8. Die eerste Afrikaanse Bybel

In 1872 het die Nederlands gebore onderwyser Arnoldus Pannevis al in die media gepleit vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans ter wille van veral die bruin gemeenskap wat nie die Woord in Nederlands kon verstaan nie. In 1873 het C.P. Hoogenhout ook gevra vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Dit sou egter ses dekades neem voordat die Bybel uiteindelik in 1933 volledig in Afrikaans uitgegee sou word. Hoogenhout het in 1878 sy hand aan die vertaling gewaag en die Markus-evangelie vertaal, maar dit is nooit uitgegee nie. In die 1890's het S.J. du Toit en nog ander vertalers die vertaling van sewe Bybelboeke aangepak wat tussen 1893 en 1908 gepubliseer is. In 1893 verskyn Genesis in Afrikaans en in 1895 Matteus. Ná jare se stryd en teenkanting teen die vertaling van die Bybel in Afrikaans verskyn die eerste volledige vertaling van die Afrikaanse Bybel in 1933.

### 9. Die eerste Afrikaans op radio

Die eerste Afrikaans wat oor die klankgolwe oor 'n openbare uitsaaidiens gehoor is, is op 18 Desember 1923 met die opening van die Johannesburgse sender uitgesaai. Dit was 'n kort openingsrede deur die toenmalige Vrystaatse administrateur E.R.P. Grobler. Hoewel markverslae in beide Afrikaans en Engels aangebied is, het Afrikaans eers werklik in 1924 'n plek op die radio begin inneem in 'n tweetalige radioprogram wat deur Tommie Beckley aangebied is. In dieselfde tyd is Afrikaanse programme met gedigte, aangebied deur Queenie Fagan (eggenoot van die digter H.A. Fagan), en programme met Lulu Brewis (latere eggenoot van die digter Abraham H. Jonker) uitgesaai.

### 10. Die eerste Afrikaanse hofuitspraak

Teen 1932 het Afrikaans sy plek op talle terreine begin inneem. Dieselfde geld vir die regsberoep waar appèlregter F.W. (Willie) Beyers op 27 Oktober 1932 in 'n patenteregsaak in die appèlafdeling van die hooggeregshof die eerste hofuitspraak in Afrikaans gelewer het. Die eerste hooggeregshofuitspraak in Afrikaans is in Februarie 1937 in Kaapstad gelewer. Die publikasie van die eerste Afrikaans-Engelse regswoordeboek in 1933 word ook as 'n belangrike mylpaal vir Afrikaans as regstaal geag.




Die eerste eksemplare van die Afrikaanse Bybel is in Mei 1933 by die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap afgelewer.




Die Bela-aksieberaad is op 10 Oktober 2024 in Pretoria gehou.

# Bela: Los ons skole uit!

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Reint Dykema

Woelinge, woede en teenkanting. 'n Gemeenskap wat prontuit verklaar: Los ons skole uit!


Dit is dalk wêrelde verwyderd van hoe 'n feesjaar ter viering van Afrikaans se eerste 100 jaar as amptelike taal daarna moes uitsien, maar wanneer hierdie geliefde taal van miljoene bedreig word en Afrikaanse skole se voortbestaan deur wetgewing wat verengelsing wil afdwing in die weegskaal kom, kan dit nie anders nie.

Die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (Bela) waarteen AfriForum en talle ander Afrikaanse organisasies sedert 2017 veg, is in September 2024 deur pres. Cyril Ramaphosa as wet ingestel. Die implementering van twee sleutelartikels wat sedert die begin aan die hart van AfriForum se veldtog teen Bela gestaan het en ingrypende implikasies op openbare skole se taal- en toelatingsbeleide sal hê, is egter ter elfder ure – ná gesprekvoering met Kallie Kriel, AfriForum se uitvoerende hoof, en dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit – met drie maande uitgestel.

Ramaphosa se besluit is volgens Siviwe Gwarube, minister van Basiese Onderwys, in belang van eenheid in die land geneem. Hoewel dit beslis nie eenheid tussen partye vir en teen die nuwe Onderwyswet gebring het nie, het nagenoeg 50 belanghebbende organisasies en meer as 70 skole op 10 Oktober 'n Bela-aksieberaad by die Sol-Tech-kampus in Pretoria bygewoon en as eenheid 'n historiese resolusie ter beskerming van Afrikaans en Afrikaanse skole aanvaar.

Die resolusie stel dit duidelik dat die breë Afrikaanse gemeenskap "enige aanval op of verskraling van moedertaalonderrig in die algemeen en Afrikaans spesifiek" verwerp; dat Bela neig om aan die staat meer mag oor skole te gee en dus "ouers se gesag ernstig ondermyn"; dat die Gautengse Onderwysdepartement se vyandige houding teenoor Afrikaanse skole verwerp word; en dat die artikels oor skole se taal- en toelatingsbeleide wat "aan die onderwyshoof die reg gee om aan skole voor te skryf oor taal en toelating" geskrap moet word.

As deel van die aksieplan vir die beskerming van Afrikaanse skole is onder meer besluit om op 5 November 'n dag van protes om Afrikaanssprekendes se verwerping van die aanval op moedertaalonderrig in skole te hou. Voorts is ook beklemtoon dat, sou die gewraakte artikels ná die konsultasietydperk van drie maande wel ingestel word, AfriForum en ander organisasies met hul regstappe teen die wet sal voortgaan. Daarbenewens gaan Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, ook teen die einde van November AfriForum en die Afrikaanse gemeenskap se standpunte rakende Bela by die Verenigde Nasies (VN) se Forum vir Minderheids-aangeleenthede in Switserland belig.

**Flip Buys**, voorsitter van die Solidariteit Beweging (links), en **Kallie Kriel**, uitvoerende hoof van AfriForum, onderteken 'n historiese resolusie ter beskerming van Afrikaans en Afrikaanse skole.



**Connie Mulder**, hoof van die Solidariteit Navorsingsinstituut

# Afrikaans, moedertaalonderrig en Bela

Ons sit vandag weer met politici met imperiale ambisies ... in die naam van dekolonisering pleeg hulle die grootste daad van kolonisering.
**– Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, tydens die Bela-aksieberaad op 10 Oktober 2024**

I have to say this, we are happy as Gauteng Province about this bill. It will really, really, really take us forward in terms of transforming our schools. We can't have a single-medium school, especially in our province.
**– Matome Chiloane, LUR vir Onderwys, Sport, Kuns, Kultuur en Rekreasie in Gauteng op 15 September 2024**

Daar is 'n staatsgreep op ons skole uitgevoer.
**– Connie Mulder, hoof van die Solidariteit Navorsingsinstituut, tydens die Bela-aksieberaad op 10 Oktober 2024**

Die ergste ding wat 'n regering kan doen is om 'n gemeenskap se skole en kinders te teiken.
**– Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, tydens die Bela-aksieberaad op 10 Oktober 2024**

Bou eerder skole wat inspireer. Los die taal uit wat ek so koester en lief het.
**– Itumeleng Maluleke, trotse Afrikaans- en Tsongasprekende jongmens, tydens die Bela-aksieberaad op 10 Oktober 2024**

Ons bedel nie. Ons beding, anders staan jy in afhanklikheid en kry jy net die krummels wat op die grond val.
**– Dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit, tydens die Bela-aksieberaad op 10 Oktober 2024**

Ter wille van my dogter en haar generasie moet die twee artikels [van Bela] geskrap word en die skoolgemeenskap hul sê behou.
**– Heindrich Wyngaard, uitvoerende voorsitter van Kaapse Forum, in 'n video-opname tydens die Bela-aksieberaad op 10 Oktober 2024**







**Kallie Kriel** – die kampvegter vir die beskerming van Pretoria se naam – in 2007 saam met sy dogter Nina.

# Die 25 jaar van Kallie




**Kallie Kriel** (links) en **Nantes Kelder** (AfriForum, regs) en sangers **Sean Else**, **Steve Hofmeyr** en **Gerrie Pretorius** tydens 'n protesaksie teen Julius Malema se sing van die lied "Kill the Boer" in Johannesburg in 2010.

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Verskaf

Vir sy vrou, Elana, is hy die man met 'n zero-toleransie vir gemiddeldheid, maar ook die een met "eindelose grappies", geloof, beginsels en die "uitsonderlike vermoë" om elke gesprek aan tafel, in die kar of in hospitaalteaters "so te stuur dat dit altyd strategies oor die Afrikaner en Afrikanervraagstukke gaan". Kallie Kriel, die man wat al 18 jaar (sedert stigting in 2006) aan die stuur van AfriForum – die unieke burgerregteorganisasie met sy meer as 300 000 lede – staan, het pas sy 25ste jaar by die Solidariteit Beweging gevier.

Hulle sê 'n boer maak 'n plan. Dis waar, maar in die geval van Kriel maak hy nie net 'n plan nie, hy maak twee!

Op 'n sonnige lentedag in 2024 maak ek reg om die man met die plan oor sy kwarteeu in die spreekwoordelike loopgrawe van die Afrikaner te peper met vrae. Hy het egter reeds sy antwoorde gereed nog voor die vrae kan kom en dit is waarskynlik presies waar die Kallie Kriel wat deur die jare volksbesit geword het, se sukses lê. Hy is altyd ingelig. Altyd gereed met die antwoord en kan, soos sy geliefde eggenoot van die afgelope 30 jaar al te goed weet, altyd die gesprek stuur in die rigting van die Afrikaner en hierdie minderheidsgemeenskap se vraagstukke.

Die Kriel-gesin het lank reeds geleer dat hulle Kallie met die wêreld moet deel, maar in die eerste oomblikke van 'n gesprek met hierdie Afrikaner-aktivis is dit duidelik dat sy gesin juis sý wêreld is. In talle gesprekke sal een van sy vier kinders (CM, Emri, Nina en Jana) se name opduik. Dit waarvoor hy bedags vir die Afrikaner veg en bou is per slot van sake juis ook vir hierdie volgende generasie Afrikaner.

Sy dag-tot-dag werk herinner sterk aan 'n artikel wat Susan Lombard, uitvoerende hoof van Maroela Media, etlike jare gelede oor 'n kasteelbouer in Suid-Tirool geskryf het: "'n Mens kan jou amper nie indink wat in die gedagtes van die heel eerste baron omgegaan het toe hy sy bouer aangesê het om die klip te kap wat die eerste hoeksteen van die kasteel sou wees nie. Die

“

**Al verskil Afrikaners nog steeds oor baie goed, is daar genoeg dinge waaroor ons saamstem.**

visie wat hy moes hê: Dit was net 'n klip, maar dit was die begin van iets groots. Ek sit 'n klip neer, maar ek begin bou aan 'n kasteel. Ek beitel 'n vesting vir die volgende generasie. Ek gaan nooit die einde van my handewerk sien nie, maar dit keer my nie om daarmee te begin nie."

Toegegee, Kriel is beslis nie die eerste om aan die bouwerk van die Afrikaner te beitel nie, maar dat hy homself in die afgelope 25 jaar al as meesterbouer bekwaam het, is nie altemit nie. Ook sy handewerk het nie 'n einde nie en is deel van iets groots wat vir die volgende generasies Afrikaner bedoel is.

Sy pad tot hier in sy byna pynlik netjiese kantoor wat oor die rantjies van Centurion op die Voortrekkermonument in die weste van Pretoria uitkyk, het 55 jaar vantevore in Johannesburg begin as die jongste van drie seuns. Ná matriek aan die Hoërskool Pretoria-Noord waar hy in st. 9 en matriek op die leerlingraad gedien het, het hy 'n BA-graad in geskiedenis, geografie en sielkunde, 'n hoëronderwysdiploma, 'n honneurs en uiteindelik 'n meestersgraad in politieke geografie met 'n fokus op 'n polities-geografiese perspektief op die akkommodering van minderhede soos die Afrikaner aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Sy jare van studentepolitiek op Tukkies en tyd op dié destyds hoofsaaklik Afrikaanse universiteit se studenteraad in die stormagtige oorgangsjare waar hy die verdeeldheid onder jong Afrikaners eerstehands beleef het, het die jong Kriel 'n waardevolle blik op die mikrokosmos van Afrikanerdenke van die tyd gegee.

"Wat ek daar geleer het, is dat mense soveel gefokus het op die twis tussen die onderskeie groeperinge dat hulle minder tyd spandeer het aan die plan vir die toekoms," vertel hy. Hierdie les uit sy studentedae rig hom steeds en is volgens hom een komponent in AfriForum se suksesverhaal waarin "ons verby die ou verdelingslyne kom" en "al verskil Afrikaners nog steeds oor baie goed, is daar genoeg dinge waaroor ons saamstem". Dit is juis daar waar Afrikaners ooreenstem en dieselfde behoeftes het waar AfriForum waarlik 'n verskil maak, benadruk hy. Sake soos veilige woonbuurte, die vestiging van 'n land met 'n goeie lewenstandaard, die voortbestaan van Afrikaans, die bewaring van Afrikaneridentiteit en die respekvolle verhoudings met ander kultuurgemeenskappe bied daarom vandag aan derduisende uiteenlopende Afrikaners met, wat Kriel bestempel as 'n "veelheid van denke", 'n kultuurtuiste by AfriForum.

Ná universiteit het Kriel as deel van die finale groep jongmanne om opgeroep te word in 1993 sy weermagdiensplig gedoen, maar is in dié tyd opgeroep om as onderwyser by die destydse Hoërskool Verwoerdburg (tans Hoërskool Centurion) aan te meld.



'n Jong **Kallie Kriel** tydens 'n betoging op Kerkplein in 2005.



NUUS

# Forum vir Afrikaanses

## Wil hulle aktiveer om aan die openbare debat deel te neem

**Spesifieke knelpunte, byvoorbeeld die regering se "toenemende rassebeheptheid, politieke inmenging in sport, rasgedrewe maatskaplike subsidies, die miskenning van veeltaligheid, misdaad en die soms ondeurdagte verandering van plekname", sal aandag geniet.**

Die *Rapport*-berig deur Z.B. du Toit wat die stigting van AfriForum in 2006 aangekondig het.

> **Met roeping kan gewone mense buitengewone goed regkry in baie moeilike omstandighede.**

Sy belangstelling in partypolitiek het hom egter in 1996 tot in die hartjie van Suid-Afrikaanse politiek gelei waar hy aangestel is as parlementêre navorser deur genl. Constand Viljoen. Drie jaar in die Kaap en omvangryke ervaring in die wêreld van politiek het Kriel met sy liefde vir politiek laat besef dit is nie vir hom persoonlik die voertuig waardeur hy die Afrikanersaak wil bevorder nie.

Toe hy op 1 Julie 1999 as bemarkingsbestuurder by die Mynwerkersunie (MWU), later bekend as MWU-Solidariteit en vandag as Solidariteit, se hoofkantoor in Braamfontein in die Johannesburgse middestad instap, was die vakbondwese vir hom onbekend en ongenaakbaar. Tog was dit 'n tuiste waar Flip Buys, toe nog uitvoerende hoof van 'n vakbond in 'n ernstige finansiële verknorsing, groot gedink het oor die bou van 'n toekoms vir die Afrikaner op vele fronte, verduidelik Kriel. Hier het Kriel saam met ander vakbondleiers, insluitend Dirk Hermann, gewerk aan die herposisionering van die ou unie met sy nagenoeg 100 jaar lange tradisie.

Die groei van die MWU tot Solidariteit en die toenemende besef dat daar 'n dringende behoefte aan meer hulpbronne is om die toekomsplanne te befonds wat die vakbond destyds al vir uitbreiding buite die normale vakbondwese gehad het, het vernuwende denke genoodsaak. Die vestiging van Solidariteit Ledevoordele (tans bekend as Solidariteit Finansiële Dienste, SFD) wat daarop gemik was om finansiële voordele, deur middel van onder meer korttermynversekering vir vakbondlede, te ontsluit om bykomende hulpbronne vir die toekomsplanne te kry, het op Kriel se skouers geval. Die Virseker-produk wat al meer as R100 miljoen tot Afrikaanse onderwys bygedra het, het intussen hieruit voortgevloei.

Terwyl die meeste Afrikanerorganisasies in die laat 1990's en vroeë 2000's tot niet gegaan het, of weens hul swaar politieke las irrelevant geword het, het 'n ernstige leemte in die burgerlike samelewing ontstaan, verduidelik Kriel. Die Afrikanergemeenskap, wat kort tevore polities ontmagtig geword het, het nou in die spreekwoordelike koue gestaan sonder politieke leiers om hul te rig. Solidariteit se vernuwende denke en sukses het daarom 'n logiese tuiste gebied, maar kwessies soos die stryd teen misdaad, die beskerming van Afrikaans en die Afrikaner se kulturele erfenis kon eenvoudig nie binne die vakbond self getakel word nie. Dit het stadig maar seker, sonder enige bloudruk van soortgelyke instellings, in 2006 tot die vestiging van AfriForum as burgerregteorganisasie aanleiding gegee.

Vandag bieg Kriel. Daar was dalk nie 'n fyn uitgewerkte plan nie, maar hy het, toegerus met 'n roeping, geweet watter rigting ingeslaan moet word. "Met roeping kan gewone mense buitengewone goed regkry in baie moeilike omstandighede. Hulle kry dit egter reg deur 'n klomp goed te probeer en as sekere goed nie werk nie, dan gaan lê jy nie moedeloos nie. Jy hou aan probeer totdat jy op die regte formule afkom," stel hy dit duidelik.

Die formule is deur die afgelope 18 jaar van AfriForum se bestaan beproef en verfyn. Suksesverhale is volop – soos die sogenaamde Blood Milk-veldtog van 2009 waarin Nestlé ná openbare druk melkaankope vanaf Grace Mugabe, eggenote van die destydse Zimbabwiese president Robert, se plaas gestaak het; die veldtog vir die behoud van Pretoria se naam; die vestiging van 'n nasionale netwerk van AfriForum-takke en -buurtwagte wat op grondvlak bou aan 'n tasbare beter toekoms vir Afrikanergemeenskappe as deel van 'n unieke vorm van gemeenskapsfederalisme; die uitbou van 'n selfdoenvermoë met samewerkingsooreenkomste in groot metro's; en die vestiging van AfriForum Brandweer, Forum Sekuriteit, AfriForum Teater en AfriForumTV.

In 2024, ná 25 jaar in die Solidariteit Beweging en 18 jaar by AfriForum, werk Kriel steeds saam met die AfriForum-span en -lede aan 'n plan vir die toekoms. Die pad daarheen is dalk soms onduidelik, maar die man met die twee, drie of vier planne kén die rigting na vryheid, veiligheid én voorspoed, en so pak hy, as gewone Afrikaner, die buitengewone stryd in moeilike tye steeds moedig aan.



**Kallie Kriel**, die gesinsman, en sy vrou, **Elana**, en hul kinders (**Emri**, links agter; **CM**, regs agter; **Nina**, links voor; en **Jana**, regs voor) in Augustus 2024.

# Dít is die Kallie wat ons ken

"Om saam met Kallie te werk is altyd 'n avontuur. Sy energie en liefde vir ons gemeenskap is aansteeklik en sy geloof en moed 'n inspirasie. Verder sorg Kallie se sin vir humor dat ons inderdaad tye van swaarkry met lekkerkry klaarkry." **– Alana Bailey, hoof van Kultuursake by AfriForum, en lid van die oorspronklike AfriForum-pionierspan wat in 2006 die vestiging van dié burgerregteorganisasie bewerkstellig het**

"Kallie is vernuwend konserwatief. Dit is nie 'n verstikkende vassteek in die verlede of 'n terugkeer na die verlede nie, maar een wat regtig op soveel terreine skeppend vernuwe, gegrond op die beproefde waardes wat ons almal ken." **– Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging**

# "Ons werk vir ons dorp en gemeenskap"

Deur Carina Bester | Foto's: Verskaf en Carina Bester



Die wenner van AfriForum se plattelandse tak van die jaar. Van links is: Ben van Aswegen, Hendrik Kotzé, Charl Heymans, André van der Schyff, Chris Theron, Gideon Jansen van Vuuren en Willem van Deventer.

> **"Die dorp het ook minder slaggate danksy hierdie flinke span aangesien hulle maandeliks slaggate opvul.**

In die hartjie van die Waterberg-distrik lê die pragtige Bosvelddorp Mookgophong (Naboomspruit). Hier weet inwoners hoe belangrik 'n gemeenskap is wat saamstaan en -werk.

Die harde, vrywillige werk wat die AfriForum-tak in hierdie dorp verrig het, het gesorg dat hulle tydens AfriForum se driejaarlikse nasionale kongres wat in Augustus gehou is, weggestap het met die toekenning as AfriForum se plattelandse tak van die jaar. Hierdie toekenning word aan 'n tak toegeken wat ondanks hul grootte nie terugstaan vir enige probleem of projek in die dorp nie.

"Dit is verblydend dat ons die toekenning gewen het. Ons het dit glad nie verwag nie en sal beslis aanhou werk om die dorp te verbeter," sê André van der Schyff, tesourier van AfriForum se Naboomspruit-tak.

Dié tak het reusewerk in die dorp verrig en elke stopteken in die dorp vervang. Verder het hulle die straatnaamborde vervang en sementblokke wat die straatname bevat op die sypaadjies aangebring, asook al die voetoorgange en padmerkers in die dorp oorgeverf.

Die dorp het ook minder slaggate danksy hierdie flinke span aangesien hulle maandeliks slaggate opvul.

"Een van die grootste goed vir my is dat ons nie eenmalige aksies het nie. Ons werk aanhoudend en dit is waar ons sukses lê. Dit gaan altyd vir ons oor die dorp en ons gemeenskap."

Die dienste wat die Modimolle-Mookgophong Plaaslike Munisipaliteit lewer is gebrekkig, veral wat instandhouding betref, sê Van der Schyff. "Die munisipaliteit sukkel om die inwoners se vullis te verwyder en die vullisterrein is ook 'n groot kopseer."

Daarom het die tak ingespring om te help om vullis te verwyder wanneer dié diens nie gelewer word nie. Die tak en Zero Waste, 'n privaatvullisverwyderingsdiens, het vroeg in September ingespring en meer as 800 sakke vullis verwyder toe die munisipaliteit se vullistrokke onklaar geraak het.

Verder het hulle ook twee noodwaterpunte in die dorp opgerig waarvan inwoners tydens wateronderbrekings gebruik kan maak.

Van der Schyff se raad aan ander takke is: "Begin met vrywilligers wat bereid is om aanhoudend te werk. Moenie net een keer 'n groot projek aanpak nie, werk eerder aan volhoubare projekte wat 'n blywende verskil gaan maak."









Van links na regs: 1) Een van die twee noodwaterpunte wat die tak opgerig het sodat inwoners tydens wateronderbrekings toegang tot water het. 2) Aangesien die Modimolle-Mookgophong Plaaslike Munisipaliteit nie inwoners se vullis gereeld verwyder nie, het die Naboomspruit-tak en 'n privaat diens kragte saamgesnoer om hierdie diens te verrig. 3) Ben van Aswegen en Gideon Jansen van Vuuren verf hierdie stopteken oor. 4) Só lyk die straatname wat die tak aangebring het.



Die Benoni-tak is aangewys as die AfriForum-tak van die jaar. Dié tak se buurtwag is ook aangewys as die noordstreek se buurtwag van die jaar.

# Benoni-tak wen pryse, maar dis alles vir die gemeenskap

Deur Marthinus Koekemoer | Foto's: Verskaf

AfriForum se Benoni-tak het by die burgerregteorganisasie se driejaarlikse nasionale kongres twee pryse gewen. Dié tak is aangewys as nasionale tak van die jaar en hul buurtwag is aangewys as die noordstreek se buurtwag van die jaar.

Gesels met die bestuur van die tak en 'n mens kom gou tot die besef die tak se bedrywighede is altyd gemik op die gemeenskap en die verbetering en beveiliging van die omgewing. Die stigting van hierdie tak het juis voortgespruit uit 'n behoefte vanuit die gemeenskap om iets aan die stygende misdaadsyfer te doen.

"Ons kan 'n merkbare verskil in die misdaad in die omgewing sien sedert ons die tak se buurtwag in 2019 op die been gebring het. Aanvanklik het ons daarop gefokus om sigbaarheid van ons patrolleerders so hoog as moontlik te hou. Die uitwerking hiervan was dat misdadigers na ander omgewings begin skuif het en dat ons byvoorbeeld 'n afname in inbrake gesien het," sê Jacques Laubscher, Benoni se buurtwagleier.

Die tak het intussen hul vermoë om misdaad te bekamp eksponensieel uitgebrei met die aankoop van

> **"AfriForum se Benoni-tak is daarbenewens gereeld besig met allerlei volhoubare projekte om die gemeenskap en omgewing op te hef.**

toerusting en samewerking met verskeie ander rolspelers in die veiligheidsbedryf. Hulle span onder meer hul twee motorfietse, hommeltuig en uitgebreide kamerastelsel in vir die bekamping van misdaad in dié gebied. Die motorfietse word hoofsaaklik aangewend vir patrollies in landelike gebiede, terwyl die tak ook dikwels die kennis en ervaring van sowel hul twee opgeleide hommeltuigvlieëniers as 'n uitgebreide kamerastelsel, wat skakel met dié van ander veiligheidsrolspelers in die gebied, benut vir operasies soos die opsporing van verdagte voertuie.

Die tak werk onder meer saam met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Plotwatch en die Ekurhuleni-metropolisie om misdaad in die omgewing te bekamp. Daarbenewens het die buurtwag omtrent 70 aktiewe lede wat almal opleiding ontvang voor hulle met hul pligte begin. Twee buurtwaglede het ook AfriForum se gespesialiseerde protospanopleiding ondergaan.

AfriForum se Benoni-tak is daarbenewens gereeld besig met allerlei volhoubare projekte om die gemeenskap en omgewing op te hef. Die tak vul slaggate op, snoei bome en sny gras. Voorts het die tak aan AfriForum se jaarlikse boomplantprojekte, wat tydens boomplantmaand in September plaasgevind het, deelgeneem.

"Ons het onlangs die plaaslike polisiestasie geverf en 20 asblikke op sleutelpunte in die dorp aangebring om te help om die omgewing netjies te hou. Ons maak dit een keer per week self leeg. Elke jaar neem ons ook deel aan uitreikaksies oor die Kerstyd wanneer ons geskenke by kinderhuise gaan uitdeel," vertel Archie Mouyis, voorsitter van die tak.

"Ons is natuurlik baie trots oor die toekennings wat ons ontvang het

en dit is ’n bewys van wat spanwerk kan vermag. Hierdie tak is soos ’n groot familie, maar dis die groot inkoop van die gemeenskap by ons projekte waarvoor ons die dankbaarste is, want dis hulle hulp wat ons hande sterker maak,” sê Mouyis.

“AfriForum se Benoni-tak het bewys dat hulle die kernwaardes van selfdoen en gemeenskapsbetrokkenheid volledig uitleef. Hulle toewyding en vasberadenheid om hul omgewing te verbeter, maak van hulle ’n steunpilaar vir die gemeenskap en hierdie toekenning is ’n welverdiende bewys van hul harde werk,” sê Jurie Ferreira, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Oos-Rand.

Ferreira noem dat die tak ook by erfenisprojekte betrokke is en gedurende die jaar byvoorbeeld die stadsaal skoongemaak het. Die tak is ook gevra om volgende jaar alle veiligheidsaspekte van die Oppifees Afrikaanse Musiekfees, die grootste fees van sy soort aan die Oos-Rand, te behartig.

Mouyis se boodskap aan ander takke en sy resep vir sukses is eenvoudig: “Onthou dat jou bedrywighede oor die gemeenskap gaan. Werk saam met die gemeenskap vír die gemeenskap en sukses sal volg.”









Die Benoni-tak aan die werk. Dié tak takel gereeld verskeie volhoubare projekte, insluitend die opvul van slaggate en die verf van padmerkers.

# AfriForum se topbuurtwagte vereer

Deur Ilze Nieuwoudt

AfriForum se 177 buurt-, plot- en plaaswagte is waarskynlik een van die beste voorbeelde van gemeenskappe wat sélf inspring, sélf doen en sélf ’n daadwerklike verskil in die veiligheid van hul dorpe, woonbuurte, kleinhoewes en plaasgemeenskappe maak. Nagenoeg 11 000 buurtwaglede werk boonop aktief aan die beveiliging van dorpe vanaf die verre noorde van die land tot in Kaapstad en vanaf die KwaZulu-Natalse ooskus tot by die Weskus. Hierdie buurtwagte is tydens AfriForum se nasionale kongres in Augustus bedank vir hul ywer en dapperheid en die room van buurtwagte is vereer vir die uitsonderlike werk wat hulle dag na dag vreesloos verrig.

> **Hierdie buurtwagte is tydens AfriForum se nasionale kongres in Augustus bedank vir hul ywer en dapperheid en die room van buurtwagte is vereer vir die uitsonderlike werk wat hulle dag na dag vreesloos verrig.**

Buurtwagte is streeksgewys in drie afsonderlike kategorieë vereer vir hul werk. In die kategorie van beste opkomende AfriForum-buurtwag het die Winterberg-plaaswag buite Kariega (Uitenhage), die Sasolburg-buurtwag en die Beska Palala-plaaswag buite Lephalale (Ellisras) koning gekraai in onderskeidelik die suid-, sentraal- en noordstreek.

Die Walker Drive-buurtwag in Gqeberha (Port Elizabeth) is as naasbeste buurtwag in die suidstreek aangewys, terwyl die Wilgehof-buurtwag in Bloemfontein in die sentrale deel van die land en die Delmas-buurtwag in die noordelike streek as die naasbeste buurtwagte in hul onderskeie streke aangewys is.

Lees meer oor die voorste buurtwagte in elke streek op bl. 22, 27 en 28.




Voor v.l.n.r.: Die Centurion-tak se buurtspan: Johannes Esterhuysen, John van Biljon, Wietz Botes, Johan Jordaan en Hendrik van Heerden. Agter v.l.n.r.: Dewald Nagel, Gregory Orpen, Kyle Coetzer, André de Bruyn, Wayne Page en Machiel Germishuizen.





Die Centurion-tak se buurtspan is daagliks besig om gras te sny, padmerkers te verf of met hul herwinningsprojek die woonbuurt skoner te hou.

# Herwinning lei tot groot wen vir Centurion-tak

Redaksie en foto's deur Marthinus Koekemoer

AfriForum se Centurion-tak het by dié burgerregteorganisasie se nasionale kongres twee toptoekennings ingepalm, naamlik dié van volhoubare projek van die jaar, asook die noordstreek se tak van die jaar.

Eersgenoemde is aan die tak toegeken vir hul herwinningsprojek wat in Augustus 2021 van stapel gestuur is. Dié projek het ontstaan na aanleiding van versoeke van die publiek om te help met die verwydering van vullis wat op daardie stadium informele herwinnaars gelok het en weer op hul beurt hulself dikwels aan misdaad skuldig gemaak het.

"Kleiner misdade soos die steel van tuinslange, stormwaterdeksels, fietse, straatligte, huisnommers en verskeie metaalitems het die inwoners van Centurion in verskeie woonbuurte rasend gemaak. Onwettige nedersettings het ook begin opskiet, want die mense wat in asblikke grawe, woon waar hulle werk," vertel André de Bruyn, takvoorsitter in Centurion.

"Waar hierdie nedersettings opskiet, is daar gemors wat in ons spruite en riviere beland as die reënseisoen aanbreek. Stormwaterpype word mettertyd verstop wat daartoe kan lei dat huise oorstroom en groot skade aangerig word. Dis hoe ons tot die besluit gekom het om herwinningsakke aan AfriForum-lede en ander belangstellendes te verskaf waarmee hulle in hul eie erwe kan herwin. Sodoende is daar minder vullis wat informele herwinnaars na die woonbuurte lok en bring dit verligting vir al die bogenoemde probleme."

AfriForum-lede ontvang 'n 1 $m^3$-sak by die tak waarin hulle herwinbare vullis kan plaas. Drie werkers doen dan daagliks hul rondte met 'n bakkie en 'n sleepwa om volgelaaide sakke op te laai. Die gevulde sakke word na 'n sorteerpunt in Valhalla geneem waar ses sorteerders voltyds die inhoud onderverdeel voordat dit aan die onderskeie herwinningsmaatskappye verkoop word. Enige Centurion-inwoner wat bereid is om hul herwinbare items aan AfriForum te skenk, kan gratis van die diens gebruik maak.

Daar is reeds meer as 180 ton se herwinning gedoen by die nagenoeg 500 huise, skole, ondernemings en dies meer wat van die diens gebruik maak.

**Centurion-tak takel soveel meer as net vullis**

Benewens die suksesvolle herwinningsprojek is AfriForum se Centurion-tak ook bedrywig op verskeie ander maniere om 'n verskil in dié gemeenskap te maak. 'n Voltydse buurtspan pak uiteenlopende projekte daagliks aan. Hulle verf afgeleefde en onduidelike padmerkers oor, vervang padtekens soos nodig, vul slaggate op, herstel straatligte en sny gras op die talle groenstroke in die gebied.

Veiligheid is ook 'n prioriteitsarea vir die Centurion-tak. 'n Buurtwag, wat hulself in buurtwagspanne organiseer, vorm deel van die tak om misdaadbekamping toe te pas.

Al hul harde werk werp egter vrugte af en die tak se welverdiende toekennings is maar net een wyse waarop die sukses nou sigbaar word. "Dit was 'n baie aangename oomblik om die toekennings te ontvang. Dis 'n mylpaal waarop ons wil voortbou om selfs groter hoogtes te bereik. Dis 'n ongelooflike spanpoging wat dit alles moontlik maak," sluit De Bruyn af.

# AfriForum se Lichtenburg-tak wen prys vir reuseslaggatherstelprojek

Redaksie en foto deur Marthinus Koekemoer

Slaggate is 'n algemene verskynsel op Suid-Afrikaanse paaie en dit is dikwels veral kleiner dorpe wat die swaarste onder dié verval deurloop. Ry in die hoofstraat van enige klein dorpie en na alle waarskynlikheid is dié straat deurspek met slaggate. Dít is egter nie in Lichtenburg die geval nie, want hier het die plaaslike AfriForum-tak die afgelope paar jaar reeds hard gewerk en die hele hoofstraat se slaggate opgevul.

Dié omvangryke werk het intussen aan AfriForum se Lichtenburg-tak die gesogte toekenning van bouprojek van die jaar besorg tydens die burgerregteorganisasie se nasionale kongres wat in Augustus gehou is. Die tak het oor die afgelope drie jaar meer as 445 ton teer vir herstelwerk aan slaggate in dié dorp aangewend.

AfriForum het in Julie vanjaar sy #VulDieGat-projek aangepak waartydens takke oor die hele land heen vir die duur van die maand slaggate opgevul het. Op Lichtenburg is 29 ton teer gebruik om slaggate op te vul. Die tak is só doenig met slaggate dat 'n span werkers daagliks daarmee besig is. Pine Pienaar is die projekleier van hierdie deurlopende teerprojek en staan aan die stuur van dié span se daaglikse bedrywighede.

"Mense nomineer 'n straat en maak 'n inbetaling. Wanneer daar genoeg geld is om die straat te herstel, word ek gebel en ons beplan en spring aan die werk. Ek het vier manne in my span en hulle is uithalermanne wat baie hard werk. Ek dink Lichtenburg is een van die min dorpe in Noordwes wat nie 'n enkele slaggat in die hoofstraat het nie en dit is te danke aan AfriForum," sê Pienaar.

AfriForum is beslis nie alleen gewikkel in die stryd teen slaggate in Lichtenburg nie. Die Lichtenburg-teerprojek het ook al skenkings van meer as R500 000 van die publiek ontvang waarmee hulle talle slaggate opgevul het. Voorts het die landbou-onderneming NWK ook hul steun aan die projek gegee en verskeie masjinerie, insluitend 'n roller en snymasjien, beskikbaar gemaak vir die projek.

"Daar is baie terreine waar die munisipaliteit tekortskiet en as ons nie inspring om self iets te doen nie, gaan ons dorpe net verder agteruitgaan. Slaggate is net een van die volhoubare projekte waarmee AfriForum se Lichtenburg-tak tans besig is. Ons verf padmerkers waar nodig en het ook al padtekens vervang. Ek is ongelooflik trots op die harde werk wat hierdie tak daagliks insit om van hul dorp 'n spogdorp te maak. Hulle harde werk is 'n teken van hul liefde en trots vir hul dorp," sê Armand Viljoen, AfriForum se distrikskoördineerder vir Marico.

> **Op Lichtenburg is 29 ton teer gebruik om slaggate op te vul. Die tak is só doenig met slaggate dat 'n span werkers daagliks daarmee besig is.**

Pienaar beskou die toekenning van bouprojek van die jaar as 'n groot eer. "Ek het nog nooit die werk wat ons doen ligtelik opgeneem nie, maar om as wenners van dié kategorie aangewys te word, is 'n ongelooflike groot eer. Die doel is of was nooit om iets daarvoor te kry nie, want ons doen dit vir die liefde van die saak. Daarom is hierdie toekenning net nog meer spesiaal."

Volgens Pienaar gaan die tak beslis nie nou slap lê nie "want nou is alle oë op hulle".



AfriForum se Lichtenburg-tak het 'n voltydse span werkers wat slaggate in die dorp opvul. Hierdie slaggatprojek het in 2021 begin en die tak het reeds meer as 445 ton teer vir herstelwerk gebruik. Dis geen wonder dat hierdie tak AfriForum se toekenning vir beste bouprojek van die jaar gewen het nie.

***AfriForum maak só* kuier op Lichtenburg**

Ontmoet die span agter die suksesvolle Lichtenburg-teerprojek. Skandeer die kode en kuier saam met AfriForum se nuusprogram *AfriForum maak só* op Lichtenburg – die plek waar geen slaggat 'n kat se kans teen die plaaslike AfriForum-tak staan nie.

# George-tak wen prys vir uitstekende werk in suidstreek

Deur Marthinus Koekemoer | Foto: Reint Dykema

Dit is 'n tak wat heeljaar lank woeker aan verskeie volhoubare projekte om, deur hul fokus op veiligheid, 'n verskil in dié Suid-Kaapse dorp te maak. Dit is dan geen wonder nie dat AfriForum se George-tak aangewys is as die suidstreek se tak van die jaar.

"Toe ons as bestuur by die tak oorgeneem het, het ons eerstens begin om projekte aan te pak wat AfriForum-lede in die dorp sou ondersteun. Ons het egter gou besef dat nielede ook 'n groot behoefte aan ons hulp het," vertel Eduan Naudé, takvoorsitter.

Naudé noem hoe daar 'n behoefte onder inwoners van landelike gebiede was om 'n plaaswag op die been te bring. 'n AfriForum-plaaswag is gestig en lede het opleiding ondergaan om hulle slaggereed vir hul pligte te maak. Alhoewel die dorpsgebiede reeds hul eie buurtwagte gehad het, het taklede by hierdie buurtwagte ingeskakel. Voorts het die nuwe bestuur bande met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die plaaslike gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) gebou om saam misdaad te bekamp.

"In George lyk dit op die oppervlak of daar nie eintlik probleme is nie en baie inwoners is onbewus van misdaad omdat dit bloot nie in die media gedek word nie. Daar is egter ernstige misdaad wat agter die skerms plaasvind wat ons en ander rolspelers probeer bekamp," sê Naudé.

Dit is juis ook hierdie minder sigbare probleme wat Naudé as een van die grootste struikelblokke in die tak se bedrywighede beskou.

"Daar is nie juis vullis wat hier in die strate lê of riool wat vrylik vloei nie, so mense dink alles gaan goed en dus sien hulle nie noodwendig die nut daarvan om betrokke te raak nie. AfriForum is egter baie besig op die dorp en daar is wel 'n groot gedeelte van die gemeenskap wat ingekoop het by ons projekte wat natuurlik die sleutel tot ons sukses is," verduidelik hy.

Die George-tak neem jaarliks deel aan AfriForum se vullisterreinoudit, die blou-en-groendruppelprojek, die brandkraanoudit en die straatligprojek. Die tak het ook onlangs 'n vuurvegter aangekoop waarmee taklede sal kan help om brande te blus.

Wat veiligheid betref het die tak onder meer twee hommeltuie met vier opgeleide vlieëniers, een protospanlid, 14 opgeleide buurtwag- en operasionele spanleiers, asook vier traumavrywilligers. Voorts kry die tak gereeld spesialissprekers om gemeenskapslede verder touwys te maak oor belangrike veiligheidskwessies soos toneelhantering, noodhulp, regsaspekte en doeltreffende patrollering.

"Ons was uiters verras oor die toekenning, want ons het nie eens geweet daar is só iets nie. Ons voel geëerd en is baie dankbaar vir die toekenning, want dit wys ons doen iets reg," sluit Naudé af.




Die George-tak is aangewys as AfriForum se tak van die jaar vir die suidstreek. Voor v.l.n.r. is **David Olivier** (veiligheidskoördineerder vir die suidstreek), **Diane de Villiers** (taktesourier), **Heidi Naudé** (sekretaris), **Eduan Naudé** (takvoorsitter), **Jana Naudé** (jeugvoorsitter), **Marthinus Erasmus** (distrikskoördineerder vir die Suid-Kaap) en **Deon de Jager** (hoof van Gemeenskapstrukture vir die suidstreek).

# Goed, beter, Bethlehem!

## Bethlehem toptak én -buurtwag in sentraal-SA



AfriForum se Bethlehem-buurtwag verrig goeie werk in dié dorp en is onlangs vereer as die beste buurtwag in die sentrale streek van die land.



**Frans Olivier** en **Romeo Molekoane** by die watervoor in Gholfstraat wat die buurtspan skoongemaak en ontbos het.



Die buurtwag help en ondersteun by verskeie noodgevalle. Hier het hulle ondersteuning gebied ná 'n vliegongeluk.

Deur Carina Bester | Foto's: Verskaf

AfriForum se Bethlehem-tak en -buurtwag het in Augustus by die organisasie se driejaarlikse nasionale kongres met twee toptoekennings weggestap en is onderskeidelik aangewys as die sentraalstreek se tak en buurtwag van die jaar.

Hierdie Oos-Vrystaatse tak het die afgelope drie jaar behoorlik skouer aan die wiel gesit om die dorp op te knap en veiligheid te verbeter.

Die Bethlehem-tak is die eerste tak in dié streek wat 'n buurtspan deur die dienstemaatskappy Pionier aangestel het wat weekliks projekte in die dorp aanpak. Hierdie span vul onder meer slaggate, hou parke in stand en maak gereeld openbare ruimtes skoon.

"Die dorp se strate het baie agteruitgegaan. Nie net was dit vuil nie, maar ongelukke het ook dikwels weens slaggate plaasgevind. Die buurtspan is aanvanklik aangestel om hoofsaaklik slaggate op te vul, maar hulle het later begin om gras te sny en vullis wat in oop velde gestort word, op te tel. Dit het dan sommer ook veiligheid in dié gebiede verbeter," verduidelik Christa Ikking, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Hoogland.

Die buurtspan het die afgelope drie jaar ongeveer 1 000 ton teer gebruik om slaggate te vul en 49 000 m$^2$ gras gesny, wat die vyf begraafplase in die gebied insluit. Hierdie besige span herstel selfs ook gereeld verstopte stormwaterafvoerpype in die verskillende woonbuurte.

Die tak het voorts ook die Hoërskool Witteberg se netbalbaan en die Hoërskool Voortrekker se parkeerterrein herstel, asook 'n 500 m lange watervoor by die gholfbaan skoongemaak en ontbos. Die Bethlehem Museum se terrein word ook gereeld deur die buurtspan skoongemaak.

Hierdie tak werk nie net om die dorp skoon en netjies te maak nie, die plaaslike buurtwag kwyt hulle ook uitstekend van hul taak. Hulle werk goed saam met die plaaslike polisie en ander veiligheidsrolspelers.

Die buurtwag het die afgelope drie jaar by meer as 300 insidente, soos veldbrande en plaasaanvalle, ondersteuning gebied, en byna 130 inhegtenisnames uitgevoer. Hulle werk ook gereeld saam met die polisie om operasies uit te voer om dwelmverwante misdaad te bekamp.

Opleiding is vir die Bethlehem-buurtwag uiters belangrik. Hulle ondergaan daarom gereeld opleiding en oefen ook een maal per jaar hul gebeurlikheidsplanne in. Volgens Ikking het hierdie opleiding en inoefeninge die buurtwaglede al tydens verskeie voorvalle gehelp.

"Dit was vir my 'n riem onder die hart dat die tak en sy bestuur vereer is vir die harde werk wat hulle insit vir die gemeenskap. Die buurtwag is ook 'n toegewyde span wat goed saamwerk en een doel voor oë het en dit is om hulle gemeenskap te beskerm. Ons is dankbaar vir die toekenning, asook vir AfriForum en die gemeenskap se volgehoue ondersteuning," sê Ikking.



V.l.n.r. is **David Olivier** (veiligheidskoördineerder vir die suidstreek), **Riaan Muller** (takvoorsitter), **Johan Crous** (distrikskoördineerder vir die Weskus), **Henk Dryer** (buurtwagleier) en **Deon de Jager** (hoof van Gemeenskapstrukture vir die suidstreek).

# Jong buurtwag wen prys vir uitstekende werk

Deur Marthinus Koekemoer | Foto: Reint Dykema

Die AfriForum-buurtwag in Malmesbury is skaars 'n jaar oud, maar het reeds 'n reuseverskil in die plaaslike gemeenskap gemaak. Buurtwaglede se impak is sodanig dat hierdie buurtwag by AfriForum se nasionale kongres wat in Augustus 2024 gehou is, as die suidstreek se buurtwag van die jaar aangewys is.

AfriForum se Malmesbury-buurtwag is in Oktober 2023 gestig en neem sy rol as beskermer ernstig op deur gereeld patrollies te ry en bande met die plaaslike polisie te smee. Die buurtwag het onder meer 'n aktiewe rol tydens die 2024-verkiesing gespeel om oor stemlokale te waak en seker te maak dat inwoners hul kruisies in 'n veilige omgewing kan trek.

Daar is ook al hoe meer van die buurtwaglede wat AfriForum se gespesialiseerde protospanopleiding ontvang wat vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) van onskatbare waarde is. Hierdie buurtwaglede het al die SAPD tydens optogte en ná rooftogte in die dorp ondersteun, terwyl hulle ook vermeende inbrekers vasgetrek het.

Johan Crous, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Weskus, is geweldig trots op die Malmesbury-buurtwag. "Hierdie buurtwag se toewyding tot die gemeenskap is so omvangryk dat daar niks in sy pad sal staan om te verseker dat Malmesbury vry, veilig en voorspoedig is nie. Ons is vol vertroue dat die buurtwag sal voortgaan om die gemeenskap se belange, welstand en veiligheid eerste te stel."








Willem Poenstraat in Lydenburg het 'n gedaanteverwisseling ondergaan nadat AfriForum hier ingegryp het.



'n Reuseslaggat in Pretoria-Noord is ook as deel van AfriForum se #VulDieGat-projek herstel.



'n Slaggat in Roseltstraat in Potchefstroom waar AfriForum ook herstelwerk gedoen het.

# Geen gat te groot vir AfriForum-takke

Deur Carina Bester | Foto's: Verskaf

396 625 ton – dít is hoeveel teer AfriForum se takke in die eerste sewe maande van 2024 gebruik het om die paaie in hul onderskeie dorpe te verbeter.

Alhoewel AfriForum se takke regdeur die jaar slaggate vul, het hulle gedurende Julie ekstra hard gewerk om paaie in stand te hou tydens die organisasie se nasionale #VulDieGat-projek. Met hierdie projek poog die takke om soveel as moontlik slaggate op te vul. Teen Julie vanjaar het AfriForum bykans R1,5 miljoen aan die vul en herstel van slaggate bestee.

AfriForum-takke in die sentraalstreek het 330 ton teer, oftewel 13 200 sakke, ter waarde van R1,2 miljoen gebruik om padveiligheid te verseker. In die noordstreek is R230 850 bestee aan 64,13 ton teer (2 565 sakke), terwyl die takke in die suidstreek 2,5 ton teer (100 sakke) ter waarde van R12 600 gebruik het.

Die takke het teen druktyd vir Augustus en September nóg R419 000 aan 79 ton teer bestee om paaie op te knap.

Volgens Corné Cronjé, bestuurder vir Gemeenskapstrukture by AfriForum, is dit vir die organisasie belangrik dat gemeenskappe begaanbare paaie het. "Ons weet dat heelwat munisipaliteite nie hul dorpe se paaie in stand hou nie en daarom pak ons hierdie projek jaarliks aan. As ons nie self moue oprol om 'n verskil te maak nie, gaan die probleme net vergroot."

> **"Heelparty van die organisasie se buurtspanne het ook opleiding gekry om slaggate te vul en te herstel omdat dit vir AfriForum belangrik is dat slaggate op die korrekte manier herstel word.**

Heelparty van die organisasie se buurtspanne het ook opleiding gekry om slaggate te vul en te herstel omdat dit vir AfriForum belangrik is dat slaggate op die korrekte manier herstel word.

In baie dorpe is die opvul en herstel van slaggate 'n gemeenskapsprojek. Al het heelwat takke hul eie toerusting aangekoop om slaggate te herstel, laat ondernemings wat toerusting uitverhuur die takke dikwels toe om hul toerusting gratis te gebruik.

Een van die takke wat veral bekend is vir hul teerprojek is AfriForum se Lichtenburg-tak. In hierdie dorp werk die hele gemeenskap saam met sakeondernemings om die paaie te verbeter. Dié tak het in Julie 29 ton teer ter waarde van R100 000 gebruik om dié dorp se paaie te verbeter. Dit is die meeste teer wat 'n AfriForum-tak vanjaar tydens die #VulDieGat-projek gebruik het. Hulle het die afgelope drie jaar nagenoeg 445 ton teer gebruik om slaggate op te vul en paaie te herstel. (Lees meer oor Lichtenburg se teerprojek op bl. 25.)

"Ons wou met hierdie projek 'n onmiddellike impak op dorpe se padinfrastruktuur maak. Beter paaie veroorsaak dat minder ongelukke op paaie plaasvind en verseker dat nooddienste vinniger by noodsituasies kan aankom," sê Armand Viljoen, AfriForum se distrikskoördineerder vir Marico, waaronder Lichtenburg val.


GRATIS
BEGRAFNISVOORDELE
Ter waarde *van tot* **R22 500*** van **AVBOB** Begrafnisdiens
'n Basiese begrafnis ter waarde van **R14 000**, insluitende die reël en uitvoer van die begrafnis,
'n gespesifiseerde kis en lykswa
'n Onmiddellike kontantbetaling van **R3 000** vir aanvanklike uitgawes
**R3 000** afslag op 'n grafsteen, verassing of waterverassing**
**Vervoer** van die oorledene binne die grense van Suid-Afrika
**AVBOB** behartig begrafnisse vir polishouers, sowel as nie-polishouers, met meer as 350 takke landwyd. ***'Ons is hier vir jou®'***
FUNERALS | INSURANCE | INVESTMENT | LOANS | REWARDS
www.AVBOB.co.za
*Bepalings en voorwaardes geld. **Die afslag op die grafsteen is geldig vir 18 maande vanaf die datum van die begrafnis en op voorwaarde dat **AVBOB** Begrafnisdiens die grafsteen verskaf. **GRATIS** begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** Onderlinge Versekeringsgenootskap is 'n gelisensieerde lewensversekeraar en gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. FDV 20656. **AVBOB** is 'n vlak-1-SEB-bydraer.
ASISA A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA



## AVBOB, DIE GROOTSTE ONDERLINGE GENOOTSKAP IN AFRIKA, IS MEER AS 'N EEU GELEDE TOT STAND GEBRING MET DIE MISSIE OM MENSE DEUR MOEILIKE TYE TE HELP.

Van toeka tot nou het ons nog nooit van hierdie onwrikbare verbintenis afgewyk nie. Die rede vir ons bestaan is steeds ons lede en ons onderlinge status vorm die hoeksteen van ons identiteit. Dit plaas ons in 'n unieke posisie en is die grondslag van ons reputasie as 'n leier in die begrafnisdiens- en -versekeringsbedryf. Ons onderlinge status is ook 'n weerspieëling van ons besigheidsmodel en oorhoofse doelwit: om waarde en opbrengste met ons lede in plaas van met aandeelhouers te deel. En dit verleen momentum aan ons vermoë om addisionele voordele in die vorm van **GRATIS** begrafnisvoordele en verbeterde **GRATIS** polisvoordele aan ons lede te bied.

### VOLGEHOUE GEDEELDE WAARDE

**AVBOB** se gedeelde waarde-aanbod is die grondslag van die Genootskap. Ons deel waarde met ons lede deur die verskaffing van **GRATIS** begrafnis- en ledevoordele* met die oog op verbeterde polisvoordele. In die 2022/2023 finansiële jaar het **AVBOB GRATIS** begrafnisdienste en -produkte* ter waarde van meer as R450 miljoen aan lede verskaf.

As deel van die Groep se volgehoue verbintenis om waarde met lede te deel, het **AVBOB** in April 2024 'n Beloningsprogram vir Lede bekendgestel. Deur middel van hierdie program deel ons daagliks die praktiese en sigbare voordele van lidmaatskap aan 'n onderlinge genootskap (onder meer deur koopbewyse en afslagkoepons), en in die proses brei ons die Groep se gedeelde waarde uit na almal wat saam op ons handelsmerkreis is.

Ter viering van **AVBOB** se $106^{de}$ verjaarsdag, was lede wat teen 31 Augustus 2024 vir die Beloningsprogram vir Lede ingeteken het, geregtig daarop om hul deel van R32-miljoen in onderlinge waarde te eis. Om die voordele te geniet wat hulle verdien, moedig ons **AVBOB**-lede aan om by die Beloningsprogram aan te sluit deur *https://selfservice.avbob.co.za/connect/home* te besoek.

- **AVBOB Begrafnisdiens het reeds GRATIS begrafnisdienste en -produkte ter waarde van R453,3-miljoen aan lede verskaf.**
- **Die Genootskap het polisvoordele ter waarde van R2,7-miljard uitbetaal.**
- **'n Addisionele R4,3-miljard is toegewys vir die verbetering van toekomstige polishouersvoordele.**

Vir meer inligting omtrent **AVBOB**, besoek asseblief **www.AVBOB.co.za**.

### OMTRENT AVBOB ONDERLINGE GENOOTSKAP

**AVBOB** is 106 jaar oud. Die **AVBOB** Groep bestaan uit **AVBOB** Onderlinge Versekeringsgenootskap wat versekeringsprodukte verskaf asook twee filiale: **AVBOB** Begrafnisdiens en **AVBOB** Industrieë, wat ons doodkiste en verwante begrafnisprodukte vervaardig. Omdat ons 'n onderlinge genootskap is, het ons geen eksterne aandeelhouers nie. Dit beteken dat ons lede 'n deel van **AVBOB** se oortollige opbrengste ontvang. Ons lede is ons polishouers en ons onderlinge status is die dryfveer vir ons doelwitte.

AVBOB

# AfriForum plant bome vir Afrika

Redaksie en foto's deur Marthinus Koekemoer

AfriForum se takke oor die land heen het weer oudergewoonte in September aan boomplantmaand deelgeneem. Takke het orals ingespring en bome is by skole, aftreeoorde, in parke en ander openbare ruimtes geplant.

"Ons doel vir die jaar is om 1 000 bome aan te plant. Dit kom daarop neer dat daar in elkeen van AfriForum se 20 streke 50 bome geplant moet word. Vanjaar se boom van die jaar is die kareeboom en dit is die boom wat meestal as deel van vanjaar se projek aangeplant is, maar verskeie ander soorte is ook op sekere plekke verkies. Spekbome, doringbome en selfs vyebome is vanjaar by van ons takke geplant," sê Marais de Vaal, AfriForum se raadgewer vir Omgewingsake.

Elke AfriForum-tak kies self waar hulle bome wil plant en watter soort bome vir hul omgewing geskik sal wees. De Vaal sê 'n boom wat goed in sy omgewing aard het bitter min aandag nodig om te floreer. Hy sê ook inheemse bome moet liefs geplant word en skadelike indringerplante moet vermy of selfs verwyder word.

**Só pak AfriForum omgewingsbewaring**

AfriForum is by verskeie aktiwiteite betrokke wat daarop gemik is om die omgewing te bewaar. Jaarlikse toetsing van drink- en rioolwater word landwyd gedoen in dorpe en stede waar AfriForum-takke aktief is. Die bevindinge en uitslae hiervan word in AfriForum se blou-en-groendruppelverslag vervat en bied 'n oorsig oor die gehalte van



AfriForum-hoofkantoor en die Bronkhorstspruit-tak het in September aan boomplantmaand deelgeneem.

drink- en rioolwater in Suid-Afrika. 'n Soortgelyke verslag word ook jaarliks oor vullisterreine opgestel waarin punte vir die onderskeie vullisterreine in die land toegeken word om te bepaal of dié terreine op pyl is. AfriForum verskaf ook vullisverwyderingsdienste op sekere dorpe en plaas, soos nodig, druk op munisipaliteite en staatsamptenare om hul verpligtinge na te kom om byvoorbeeld besoedeling te beperk.

"Volgende jaar sal takke steeds vrywillig aan boomplantmaand se aktiwiteite kan deelneem, maar ons gaan ook fokus op die toenemende waterkrisis in die land. Watervoorsiening en rioolsuiwering is veral belangrik en ons beplan om aanstaande jaar nóg noodwaterpunte by sleutelpunte op te rig. Ons wil ook ons vullisverwyderingsdienste verder uitbrei," sê De Vaal.

## Die eindelose voordele van bome

Bome hou talle voordele vir mens en die omgewing in. Dit suiwer die lug en grond, verskaf suurstof, beperk gronderosie, dien as voedselbronne én bied huisvesting vir allerlei fauna en flora. Bome kan ook eiendomswaarde verhoog, skaduwee verskaf en as windskerms dien.

## Boomplant in sewe eenvoudige stappe

Die basiese stappe om 'n boom te plant behels die grawe van 'n gat van omtrent 'n halwe meter diep en wyd wat omtrent halfpad met kunsmis gevul word. Verwyder die plastiek om die boom se basis en maak die wortels effens los voor die boom in die gat geplant word. Vul die gat met grond en steek 'n stok langs die boom in waaraan sy stam geanker kan word. Gee die boom vir die eerste twee jaar minstens twee emmers water per week.



Boomplanters in Bronkhorstspruit, v.l.n.r.: **Johann Botha** (taktesourier), **Lambert de Klerk** (bestuurder van Omgewingsake by AfriForum), **Sampie Steinberg** (hoof van Gemeenskapstrukture vir die noordstreek) en **Charles Hall** (buurtwaglid). Voor v.l.n.r.: **Danielle Coetzee** (taklid), **Magda Lewis** (takvoorsitter), **Marais de Vaal** (omgewingsraadgewer by AfriForum) en **Dries Fella** (buurtwaglid).

# AfriForum kondig vierpuntwaterplan aan om waterkrisis in die land te pak

Deur Marthinus Koekemoer | Foto: Verskaf

AfriForum het in September 'n vierpuntaksieplan aangekondig om die dreigende waterkrisis in die land te pak. Waterinfrastruktuur is al jare verwaarloos en werk óf glad nie óf is in ander gevalle op hul laaste bene en hou 'n ernstige bedreiging vir watervoorsiening in.

"Dis tyd om dringend op te tree en geld alleen gaan nie die land se waterprobleme oplos nie. AfriForum het dus 'n vierpuntplan aangekondig om die impak van die dreigende krisis te beperk en watervoorsiening in Suid-Afrika weer te herstel," verduidelik Marais de Vaal, AfriForum se raadgewer vir Omgewingsake.

**DIE VIERPUNTAKSIEPLAN BEHELS DIE VOLGENDE:**

1. Verbetering van plaaslike bestuur en aanspreeklikheid.
2. Implementering van opleidingsinisiatiewe en aanstelling van gekwalifiseerde personeel vir water- en rioolaanlegte.
3. Deurlopende monitering en toetsing van watergehalte om te verseker dat dit aan gesondheidstandaarde voldoen.
4. Verhoogde samewerking tussen die regering, gemeenskappe en die privaat sektor.

Volgens De Vaal is swak samewerking tussen die verskillende vlakke van regering een van die grootste uitdagings in die waterkrisis.

"Die regering is veronderstel om op plaaslike en nasionale vlak saam te werk om te verseker dat watervoorsiening en sanitasie doeltreffend geskied, maar in praktyk gebeur dit nie. AfriForum se jaarlikse blou-en-groendruppelverslag wys dié probleme op grondvlak uit," sê De Vaal.

"Gebrek aan instandhouding van infrastruktuur is een van die grootste probleme. Infrastruktuur het tot so 'n mate agteruitgegaan dat nagenoeg 50% van alle behandelde drinkwater deur lekkasies in die verspreidingsnetwerke verlore gaan. Munisipaliteite se invorderingstelsels is ook gebrekkig, wat beteken dat munisipale rekeninge nie betaal word nie. Die gevolg is dat munisipaliteite nie die nodige fondse het om infrastruktuur behoorlik te onderhou nie."

> **"Gebrek aan instandhouding van infrastruktuur is een van die grootste probleme.**

Die regering het al hulle eie oplossings probeer. Watertrokke is al in woonbuurte ontplooi om water te voorsien, maar dit is baie duur en dus nie volhoubaar nie. Daar is ook grootskaalse opgraderings by die Rooiwal-rioolaanleg net buite Pretoria onderweg, maar De Vaal meen teen die tyd dat die aanleg voltooi is, gaan dit bloot 'n pleister op die probleem plak aangesien dié rioolwerke reeds sukkel om die toenemende volume riool te prosesseer.

Die Nuwe Ontwikkelingsbank (NOB), oftewel die Brics-bank, het in September vanjaar 'n $1 miljard-lening aan die Suid-Afrikaanse regering toegestaan wat bedoel is om die konstruksie van water- en sanitasie-infrastruktuur op munisipale vlak te finansier. AfriForum meen die toestaan van die lening was egter 'n groot fout.

"Ons erken die noodsaaklikheid van finansiële ondersteuning vir waterinfrastruktuur, maar huidige munisipale vermoëns, doeltreffende bestuur en aanspreeklikheid ontbreek, wat waarskynlik sal beteken dat geld uit dié lening bloot in 'n eindelose put gestort gaan word sonder enige werklike verbetering in die waterkrisis. Werkbare oplossings soos AfriForum se vierpuntplan is daarom nou noodsaaklik," sluit De Vaal af.



# AfriForum-takke en -buurtwagte maak 'n groot verskil

Saamgestel deur Carina Bester | Foto's: Verskaf

## NOORDSTREEK GAUTENG



'n Lid van AfriForum se Noord van die berg-buurtspan herstel 'n slaggat.

**NOORD VAN DIE BERG**
Die tak se tuinspan het bykans 5 000 swartsakke vullis in drie maande opgetel.

**BRONKHORSTSPRUIT**
Die tak het volgehoue druk op die Tshwane-metro toegepas wat daartoe gelei het dat 41 straatligte herstel en 62 slaggate opgevul is.

**GROTER MOOT**
Die tak se buurtspan het meer as 1 100 manure met bossiekappers in die hand bestee.

**MORELETAPARK**
Die tak het 'n ooreenkoms met Wingate Park-gholflandgoed aangegaan om paaie rondom dié landgoed in stand te hou. Verkeerstrepe is onder meer oorgeverf en slaggate is opgevul.

**WES-MOOT**
Die buurtwag het in samewerking met verskeie rolspelers talle veiligheidsoperasies in die gebied gehou.

**APIESRIVIER**
Die buurtwag het nommerplaat-herkenningskameras opgerig.

**CENTURION**
Die tak het twee Amerikaanse groepe verwelkom wat meer kom leer het oor hoe om herwinningsprojekte te bestuur.

**PIONIER**
Taklede het straatligte in Silverton en Murrayfield herstel.

**KRUGERSDORP**
Die tak het saam met gemeenskapslede 'n skoonmaakprojek by die Sterkfontein-begraafplaas gehou.

**RANDFONTEIN**
Die buurtwag het 'n skoonmaakprojek by 'n substasie gehou. Dít volg nadat die substasie gereeld in die verlede gesaboteer is.

**VANDERBIJLPARK**
Taklede het Phoenixpark se gras gesny en vullis opgetel ter voorbereiding vir 'n pretdraf wat daar gehou is. Die tuinrommel en vullis is daarna na die vullisterrein weggery.

**MIDVAAL**
Die buurtwag het verskeie operasies saam met die SAPD aangepak.

**ROODEPOORT**
Die buurtwag het 'n hommeltuig aangeskaf wat vir misdaadbekamping aangewend sal word.

**ALBERTON**
Die tak het 'n slaggatherstelprojek in Mayberrypark van stapel gestuur waartydens 30 slaggate opgevul is.

AfriForum se Centurion-tak het in September 2024 veiligheidskameras by 'n substasie geïnstalleer om vandalisme hier te voorkom.



**BRAKPAN**
Die buurtwag het saam met die SAPD aan 'n suksesvolle operasie deelgeneem waartydens padblokkades gelyktydig aan weerskante van die N17-snelweg gehou is.

**BENONI**
Taklede het hul gemeenskapsbeheerkamer, wat talle nommerplaatherkenningskameras bevat, ingerig en sien uit na die positiewe impak wat die kameramoniteringsprojek op die bekamping van misdaad in die streek gaan hê.

**BOKSBURG**
Buurtwaglede het noodhulp toegepas op lede van 'n plaaslike sekuriteitsmaatskappy nadat hulle in die spervuur van 'n gewapende rooftog beland en skietwonde opgedoen het.

**EDENVALE**
Die buurtwag het gemeenskapslede te hulp gesnel nadat hul voertuig gekaap is.

**KEMPTON PARK**
Die buurtwag het saam met die SAPD gewerk om 'n Toyota Hilux, wat in Glen Marais gesteel is, op te spoor.

**SPRINGS**
Die tak se tuinspan het 'n suksesvolle skoonmaakprojek by die Residentia-aftreeoord gehou.

## MPUMALANGA

**BETHAL**
Die tak se noodwaterpunt by die Afrikaanse Christelike Kerk, asook die nuwe noodwaterpunt by die Gereformeerde Kerk is deur inwoners benut tydens 'n onlangse waterkrisis op die dorp.

### TEKS (TRICHARDT, EVANDER, KINROSS EN SECUNDA)
Die tak het 'n skoonmaakprojek by die Davieshof-sentrum voltooi.

### DELMAS
Die tak het mediese ondersteuning gebied op vier ongelukstonele, asook by drie ander voorvalle.

### PIET RETIEF
Die buurtwag het 'n suksesvolle OPS-patrollie gehou. Hierdie OPS-patrollies vind een keer per maand plaas en is daarop gemik om sigbaarheid in die gemeenskap te verhoog.

### STANDERTON
Die tak het die gras op die terrein van die Voetsporemonument gesny en weggery.

### NELSPRUIT
Taklede het die Steiltes-natuurreservaat skoongemaak.

### ERMELO
Die buurtwag het verskeie strate in Chrissiesmeer skoongemaak sodat die dorp netjieser vertoon.

### WITRIVIER
Die buurtwag se herhaler is met 4 m gelig om beter radiokommunikasie teweeg te bring.




### LYDENBURG
Taklede het 26 nuwe straatnaamborde in die dorp opgerig om motoriste te help.

### BELFAST
Die tak het 'n addisionele 10 000 liter-watertenk by een van sy huidige noodwaterpunte opgerig.

### DULLSTROOM
Die tak het ses sonkragligte in die dorp opgerig.

## LIMPOPO

### NABOOMSPRUIT
Die buurtwag het in samewerking met AfriForum se Potgietersrus-buurtwag 'n motorbandesindikaat vasgetrek.


Warmbad-taklede by 'n boom wat hulle geplant het.

### WARMBAD
Taklede het Apiesdoringpark skoongemaak.

### PHALABORWA
Die tak het kos aan 'n plaaslike ouetehuis geskenk.

### POTGIETERSRUS
Die buurtwag het die Hoërskool Piet Potgieter beveilig tydens betogings deur ondersteuners van die EFF.

### GROBLERSDAL
Die tak het skietopleiding vir sy lede aangebied.

### MARBLE HALL
Die buurtwag het 'n heining tussen die onwettige plakkerskamp en die dorp gespan.

### MESSINA
Die buurtwag het die begraafplaas op Sondae beveilig sodat die publiek grafte kon besoek.


Sakke teer wat deur die Thabazimbi-tak aangewend is om slaggate reg te maak.

### THABAZIMBI
Die tak het straatname op randstene aangebring.

### ELLISRAS
Buurtwaglede het 'n boom verwyder wat ná 'n storm in die woongebied omgeval het.

## SENTRAALSTREEK
## VRYSTAAT

### BOTHAVILLE
Buurtwaglede het twee inbrekers aangekeer.

### SASOLBURG
Die tak het 'n watertenkpyp by die kinderhuis geïnstalleer en 'n vullishouer aan die Voortrekkers verskaf vir 'n skoonmaakprojek. Die buurtwag het in samewerking met die polisie en ander rolspelers 'n soektog na dwelms by drie skole uitgevoer, terwyl buurtwaglede ook opvoedkundige praatjies by dié skole gelewer het.

### VILJOENSKROON
Taklede het vier leë erwe skoongemaak en 30 slaggate met 45 sakke teer opgevul.



### KROONSTAD
Taklede het meer as 650 kg teer gebruik om slaggate op te vul.

### WELKOM
Die tak het slaggate in die dorp opgevul.

## NOORDWES

### KLERKSDORP
Taklede het verskeie strate, asook die pretdrafterrein skoongemaak.

### CHRISTIANA
Die tak en sy jeugvleuel het meer as 30 liter verf vir 'n padverfprojek gebruik.

### BLOEMHOF
Taklede het meer as 20 ton vullis verwyder en die hoofstraat skoongemaak. Meer as 200 slaggate is ook met 8 ton teer opgevul.

### VRYBURG
Die tak het gras op leë erwe gesny, bome gesnoei en die Groot Trek-monument buite die dorp skoongemaak.

**RUSTENBURG**
Taklede het padmerkers in verskeie woonbuurte geverf.

**ZEERUST**
Die tak en vrywilligers het die begraafplaas skoongemaak en 2 ton tuinvullis verwyder.

## SUIDSTREEK NOORD-KAAP

**KAMIESBERG**
Taklede het Kamieskroon se strate skoongemaak en drie boorgatpompe geïnstalleer om Kamieskroon en die omliggende dorpe van drinkwater te voorsien.



Kakamas-taklede by 'n verkeersbord wat hulle opgerig het.

**KAKAMAS**
Die tak het 20 liter wit padverf gebruik om spoedhobbels oor te verf en het drie verkeersborde en pale in die middedorp vervang.

**KATHU**
Die tak het verskeie skoonmaakprojekte aangepak en vullis opgetel. Hulle het ook die Hugenoteparkmonument opgeknap en 40 liter verf gebruik om padmerkers, sypaadjies en randstene weer sigbaar te maak.

**KEIMOES**
Die tak het die hoofstraat en die gebied rondom die historiese waterwiel skoongemaak en vullis verwyder. Die Grootoog-buurtwag het water vir gemeenskapslede aangery tydens watertekorte. Twee stoptekenborde en pale is in die hoofstraat vervang.

**KURUMAN**
Taklede het vier nuwe LPR-kameras op hoofroetes geïnstalleer.

**SPRINGBOK**
Die tak het drie stopborde en 40 liter padverf aan die Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit geskenk.

**UPINGTON**
Taklede het vullis in 'n park opgetel en die geroeste paaltjies rondom dié park afgeskuur en oorgeverf.

**DELPORTSHOOP**
Die tak het verskeie skoonmaakprojekte aangepak.

**KIMBERLEY**
Die tak het sy straatnaamprojek afgeskop en toegesien dat verskeie areas in die stad skoongemaak word.

**VAALHARTS**
Die flinke optrede van 'n buurtwaglid het gehelp om die diefstal van 'n vragmotor te verhoed.

## OOS-KAAP



Lede van AfriForum se Cradock-tak.

**CRADOCK**
Die tak se twee noodwatertenks het water aan gemeenskapslede verskaf tydens wateronderbrekings.

**PORT ELIZABETH**
Die tak se 21 noodwatertenks het water aan die gemeenskap voorsien toe die krane opgedroog het.

**UITENHAGE**
Taklede het in samewerking met die Mosel-buurtwag slaggate opgevul.

## WES-KAAP

**CEDERBERG**
Die tak het deurlopend skoonmaakprojekte gehou.

**KAAPSTAD-NOORD**
Taklede het gereeld parke in Bellville skoongemaak.

**KRAAIFONTEIN**
Taklede het parke skoongemaak en gras gesny.

**MATZIKAMA**
Die tak het in samewerking met plaaslike tuindienste 'n park skoongemaak.




'n Splinternuwe bord verwelkom mense in Overstrand.

**OVERSTRAND**
Buurtwaglede het die polisie gehelp om 'n misdadiger in hegtenis te neem nadat dwelms, wapens en huisbraaktoerusting in sy besit gevind is. Hulle het die polisie ook gehelp om 'n vermiste skolier op te spoor.

**HOPEFIELD**
Die buurtwag het skoonmaakmiddels en -toerusting aan die plaaslike polisiestasie geskenk.

**HESSEKWA**
Die Albertinia-plaaswag het aan Operasie Basadi deelgeneem en gehelp om 13 inhegtenisnames uit te voer en drie voertuigbeheerpunte te beman.

**KAAP AGULHAS**
Die tak het 100 sakke teer aan die Kaap Agulhas Plaaslike Munisipaliteit geskenk om slaggate in die nywerheidsgebied op te vul.

**KNYSNA**
Taklede het vullis langs die pad opgetel en na die vullisterrein weggery.

**OUDTSHOORN**
Taklede het gras gesny, bome natgelei en vullis opgetel. Hulle het ook meer as 3,2 ton teer gebruik om slaggate op te vul.

**SWELLENDAM**
Die tak het 'n sonkraglig by die plaaslike verkeersdepartement aangebring.

# Skuldvry én kommervry met Skuldhulp

Advertensie-artikel




Die gevoel dat daar hopeloos te veel "maand" aan die einde van jou salaris oor is, is iets waarmee die meeste mense kan identifiseer. Die kommer van 'n begroting wat maand ná maand nie klop nie en skuldeisers wat kom aanklop vir hul pond vleis is egter veel ernstiger.

Volgens die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) is daar tans bykans 30 miljoen kredietaktiewe verbruikers in die land. Nagenoeg 10 miljoen hiervan – oftewel 'n derde van alle mense wat die een of ander vorm van skuld het – het verswakte kredietrekords. Dit dui op verbruikers wat drie of meer maande agterstallige skuld het of onder administrasie geplaas is.

Jy hoef egter nie meer alleen met die verlammende gevoel van oormatige skuld te worstel nie. Skuldhulp se span kundiges staan slaggereed om jou uit die net van skuld te bevry en danksy die spesiale ledevoordeel wat eksklusief vir AfriForum-lede aangebied word, is dié hulp nou binne die bereik van elke lid wat hierdie kritieke diens benodig.

Maak daarom vandag nog gebruik van Skuldhulp se aanbod waardeur AfriForum-lede toegang kry tot 50%-afslag op Skuldhulp se aanvangsfooi en stap só die toekoms van finansiële vryheid tegemoet.

Besoek **www.skuldhulp.co.za/afriforum-lid** vir meer inligting en om van hierdie aanbod gebruik te maak.

## Wat is die voordele van Skuldhulp se skuldberading?

- Vinnige en vriendelike diens – in Afrikaans!
- Met Skuldhulp kry jy ongeëwenaarde kundige ervaring. Skuldhulp is 'n produk van Debt Rescue, Suid-Afrika se voorste en grootste skuldberadingsmaatskappy.
- Vergeet van hordes paaiemente aan tientalle skuldeisers. Met skuldberading word alle skuld in een eenvoudige maandelikse paaiement gedek.
- Die maandelikse paaiement is laer en bied jou daarom meer kontant in die sak.
- Sodra skuldberading afskop, is intimidasie van skuldeisers iets van die verlede.
- Skuldberading gee gemoedsrus aangesien dit noodsaaklike beskerming teen beslaglegging van bates bied.



## Vyf stappe na finansiële vryheid saam met Skuldhulp

Skuldberading deur Skuldhulp is moeiteloos en volg 'n eenvoudige vyfstapplan om jou na kommervrye en verantwoordelike finansiële welstand te lei.

1. **Evaluasie van jou unieke finansiële situasie**
   'n Geakkrediteerde skuldberader evalueer eers al jou inkomste, uitgawes en skuld.

2. **Opstel van 'n terugbetalingsplan**
   Met die hulp van jou toegewyde skuldberader word 'n haalbare terugbetalingsplan opgestel.

3. **Onderhandeling met skuldeisers**
   Die skuldberader onderhandel namens jou met elkeen van jou onderskeie skuldeisers, beding 'n bekostigbare maandelikse paaiement, verlengde terugbetalingstermyne en selfs moontlike laer rentekoerse.

4. **Regstappe om jou te beskerm**
   Kliënte se beskerming teen skuldeisers is 'n prioriteit. Daarom is Skuldhulp se prokureurs landwyd beskikbaar om aansoeke om regsbeskerming te doen en 'n hofbevel rakende die terugbetaling van skuld te bekom. Dié bevel bied die nodige beskerming aan kliënte om verdere teistering deur skuldeisers te verhoed.

5. **Gekonsolideerde terugbetaling**
   Stap 1 tot 4 werp nou vrugte af en een gekonsolideerde betaling word maandeliks gedoen om elkeen van jou skuldeisers, volgens die ooreengekome terugbetalingsooreenkomste, te betaal.

# Eenheid behaal reusesuksesse in die naam van geregtigheid

Deur Marthinus Koekemoer | Foto's: Verskaf

AfriForum se privaatvervolgingseenheid het die afgelope paar maande groot sukses in die howe behaal en in ander gevalle die eerste tree gegee in sake waar dit gelyk het asof geregtigheid slagoffers sou bly ontwyk.


**Adv. Gerrie Nel** en **adv. Phyllis Vorster** (regs) van AfriForum se privaatvervolgingseenheid by **Monique van Oosterhout**.

**Monique van Oosterhout**
Dit sou nagenoeg 'n dekade duur, maar in Julie 2024 het geregtigheid uiteindelik geskied in die opspraakwekkende Alexi Bizos-saak. Bizos, seun van die wêreldberoemde ontslape menseregte-advokaat, George Bizos, het sy toenmalige vrou, Monique van Oosterhout, in 2015 ernstig aangerand in hul huis in Johannesburg. Nadat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) besluit het om nie die saak te vervolg nie, het AfriForum se privaatvervolgingseenheid in 2018 dit op hulle geneem om dié saak privaat te vervolg.

Gedurende die hofsaak wat in 2020 begin het, het die eenheid Van Oosterhout deurgaans ondersteun. Bizos is intussen skuldig bevind aan aanranding met die doel om ernstig te beseer. Vonnis was teen druktyd nog nie gelewer nie.

"Hierdie uitspraak is 'n sprekende voorbeeld van die NVG se selektiewe vervolging en dat Alexi Bizos nie vervolg is nie omdat hy die seun van George Bizos is. Die eenheid sal seker maak dat belangrike persone wat onregverdige beskerming teen vervolging kry, hul dag in die hof kry," sê Barry Bateman, woordvoerder vir die eenheid.

**Lucille Oosthuysen**
AfriForum se privaatvervolgingseenheid het 'n deurslaggewende rol in die vervolging van die 28-jarige Dylan Ferreira gespeel. Ferreira is in Mei 2024 skuldig bevind aan aanranding met die doel om ernstig te beseer ná hy Lucille Oosthuysen (nou 80) in Augustus 2023, tydens 'n geskil oor huurgeld, van balans af gestamp het en hulpeloos op die plaveisel gelaat het. Die voorval het in Mayfield Park, in die suide van Johannesburg, plaasgevind.


**Adv. Gerrie Nel**, **Theresa Daniels** (dogter van slagoffer) en **Lucille Oosthuysen** en haar man, **Will**.


**Dylan Ferreira**

Die privaatvervolgingseenheid het Lucille en haar man, Will, in hierdie saak verteenwoordig, die egpaar gehelp om voor te berei om te getuig en hulle deurentyd ondersteun in dié moeilike hofsaak. Die eenheid het ook oudiovisuele toerusting aan die NVG verskaf wat die aanklaer in staat gestel het om beeldmateriaal in die hof as getuienis voor te lê. Hierdie beeldmateriaal wat Ferreira se aanval op die bejaarde vrou wys, was deurslaggewend in sy skuldigbevinding. Voorts het die eenheid ook die voorbereiding van sleutelgetuies vir die saak behartig.

"'n Boelie het gekry wat hy verdien. Ons het betrokke geraak ná die NVG aanvanklik nóg 'n slagoffer in die steek gelaat het. Die daaropvolgende aanstelling van 'n briljante jong aanklaer, die betrokkenheid van 'n sterk en bevoegde landdros en ons betrokkenheid het gesorg dat geregtigheid geskied," sê adv. Gerrie Nel, hoof van die eenheid.


Slang Maangwale en Antoinette Ndishishi

**Antoinette Ndishishi**
'n Voormalige stafsersant van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), Leon Santos Conga, is in September 2024 lewenslange gevangenisstraf opgelê ná hy skuldig bevind is aan verkragting en poging tot moord. Dít volg ná hy nie sy MIV-status aan sy voormalige vriendin Antoinette Ndishishi bekendgemaak het nie en hy haar met die MI-virus besmet het.

Die privaatvervolgingseenheid het deurgaans druk op die SANW toegepas om belangrike bewysstukke te verkry. Slang Maangwale, ondersoeker by die eenheid, het elke hofsitting bygewoon en Ndishishi deurlopend ondersteun.

"Hierdie vonnis stuur 'n duidelike boodskap. Die saak het lank voortgesleep en as dit nie vir AfriForum se betrokkenheid was nie, sou die saak nooit opgelos gewees het nie. Geregtigheid het geskied," beklemtoon Maangwale.

**Patrick Jewell**
Jacky Jewell sal nou, meer as drie jaar ná haar pa, Patrick, se dood, uiteindelik rustiger kan slaap. Dít volg nadat die man wat as 16-jarige verantwoordelik was vir die ongeluk wat tot Patrick se dood gelei het, in Oktober 2024 tot drie jaar korrektiewe toesig gevonnis is en dié hoofstuk uiteindelik afgesluit kon word.

Kgaugelo Masenya (nou 19) het Patrick in September 2021 voor sy huis in Brits raakgery toe Masenya sy pa se sportnutsvoertuig vir 'n plesierrit gevat het. Patrick se beserings was só ernstig dat hy sowat drie weke later in die hospitaal gesterf het.

Die ondersoek na die voorval het gesloer, vermoedelik omdat Masenya se pa 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se beskermings-en-sekuriteitseenheid is. Jewell se frustrasie het meer en meer geword en sy het besluit om die privaatvervolgingseenheid om hulp te nader. Danksy die eenheid se hulp het Masenya sy dag in die hof gekry.

Hoewel Jewell meen die vonnis is te lig, is sy verlig dat die saak afgehandel is en kan sy en haar dogter nou met hul lewe aangaan. "Ek is bly hy is gevonnis, maar ek dink hy het lig daarvan afgekom. Ek is baie dankbaar vir AfriForum se privaatvervolgingseenheid se betrokkenheid, want sonder hulle sou die saak seker nog nie 'n punt bereik het nie. 'n Mens voel asof die regstelsel 'n mens in die steek laat en sonder die privaatvervolgingseenheid was hierdie net nog 'n saak wat deur die krake sou val," verduidelik sy.


Jacky Jewell en haar pa, Patrick


Jacky Jewell

**Julius Malema, Floyd Shivambu en VBS Bank**
Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het in Julie 2024 met die hulp van AfriForum se privaatvervolgingseenheid 'n klag van rampokkery teen Julius Malema, leier van die EFF, en Floyd Shivambu, die party se voormalige adjunk, oor die VBS-skandaal ingedien. Dié klag hou verband met miljoene rande wat by die VBS Bank verdwyn het. Kriel sê in sy beëdigde verklaring daar is oorgenoeg bewyse dat die EFF as georganiseerde misdaadonderneming bedryf word.

"Die ondersoek verg toegewyde en onwrikbare ingryping deur die SAPD op 'n wyse waardeur hulle, sonder vrees, guns of vooroordeel, gestand sal doen aan die verwagting dat hulle hul grondwetlike verantwoordelikhede sal nakom," sê Kriel.

Volgens adv. Nel sal die eenheid die vordering van hierdie ondersoek monitor en stappe doen indien die owerhede versuim om op te tree. "Daar moet gelykheid voor die reg wees. Ongelukkig het ons dit nog nie gesien in die staat se ondersoek en vervolging van Julius Malema en ander EFF-leiers nie," verduidelik hy.


Adv. Gerrie Nel en Kallie Kriel nadat Kriel 'n klag teen Julius Malema en Floyd Shivambu gelê het.



# Selfversekerd, skeppend en lewenskragtig

Deur Barend Uys – hoof van Interkulturele Samewerking en Verhoudings by AfriForum | Foto's: Reint Dykema

**Ons werklikheid**

Afrikaners woon wydverspreid oor 'n baie groot gebied en ook tussen ander volke – dit is ons samelewingswerklikheid. Ons het nie die luukse om nie dié werklikheid in ag te neem nie, daarom bedink ons planne met ons voete op die grond en met ons oë positief en hoopvol opgeslaan na die toekoms – en veral ons Hemelse Vader.

**Ons bestaansvraagstuk**

Ons as Afrikaners wil graag vry, veilig en voorspoedig in vreedsame naasbestaan met die ander volke hier aan die suidpunt van Afrika leef. Ons geslag het ook die voorreg en plig om 'n plan te maak om dié historiese vraagstuk oor vreedsame naasbestaan op te los.

**Ons benadering**

AfriForum volg 'n benadering van skeppende vernuwing gegrond op beproefde waardes en ervaring. Dit beteken dat ons gaan leer uit ons geskiedenis, dat ons getrou bly aan ons Christelike waardes en dan oorspronklike oplossings skep en in werking stel.

**Ons waardes**

Wat sê die bron van ons waardes oor ons verhoudings met ander? In Romeine 12:18 staan daar: "As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."

**Ons ervaring**

Ons voorouers het goed verstaan dat 'n mens nie in permanente konflik met buurgemeenskappe kan leef nie. Hulle het dit op die harde manier tydens die grensoorloë op die oosgrens van die Kaapkolonie geleer.

Die Voortrekkerleier Hendrik Potgieter skryf in Desember 1838 aan die goewerneur van die Kaapkolonie: "Ons het eerstens kaptein Danser aangetref en met hom vrede gesluit; tweedens vir koning Moroka, met wie ons ook vrede gesluit het; derdens die Baster-kaptein Pieter Davieds, met wie ons ook vrede gesluit het; vierdens koning Sekonyela, met wie ons ook vrede gesluit het; vyfdens met kaptein Makwana, met wie ons ook vrede gesluit het."

Hy skryf verder: "En die ondersteuning wat Moroka en Sekonyela aan ons gebied het, was nie op ons versoek nie; maar dit was uit hul eie vrye wil omdat hulle ook op so 'n wreedaardige en bloeddorstige wyse deur Mzilikazi verniel is."

Die Voortrekkers kon vir koning

Mzilikazi verslaan juis omdat hulle die hulp van ander volke soos die Barolong en die Batlokoa gehad het.

Wanneer ons dus werk om goeie verhoudings met ander kultuurgemeenskappe te bou en saam te werk, is ons nie besig met iets nuuts nie – ons voorouers het dieselfde gedoen; en dit is ook getrou aan ons waardes.

## Netwerk van gemeenskappe

AfriForum se afdeling vir Interkulturele Samewerking en Verhoudings is besig om 'n netwerk van kultuurgemeenskappe te bou as deel van die Solidariteit Beweging se Ons sal self-plan. Ons doen dit prakties deur wedersydse erkenning-en-samewerkingsooreenkomste met kultuurgemeenskappe te sluit en dan met die gemeenskappe saam te werk oor sake van gedeelde of spesifieke belang en om gemeenskapselfstandigheid te bevorder.

Anders as in die 1800's is 'n oorweldigende meerderheid van die inwoners van die land vandag Christene. Ons glo en aanbid nie noodwendig presies dieselfde nie – maar ons deel geloof in die drie-enige God. Ons kan mekaar dus ook ondersteun as medegelowiges.

Ons word nie gedryf deur haat vir iets of iemand nie; en ook nie deur vrees nie. Ons optrede spruit uit liefde – ons word gedryf deur 'n diep liefde vir die eie. Ons tree egter ook in ware liefde op teenoor ander volke, omdat ons hulle alles gun wat ons onsself gun en omdat ons nie onsself wil bevoordeel ten koste van ander nie.

## Ons sal self – maar nie alleen nie

As ons sê "Ons sal self", dan bedoel ons dat ons gemeenskapselfstandigheid kies as alternatief tot staatsafhanklikheid. Dit is nie teen ander gemeenskappe gerig nie, maar teen die mislukkende bestel. Ons besef dat ons ander gemeenskappe nodig het om ons te help om die ruimte te skep waarin ons almal selfbestuur kan toepas en kan gedy. Daarom sê ons: "Ons sal self, maar nie alleen nie."

## Wyse woorde

N.P. van Wyk Louw skryf in die 1952-opstel "Kultuur in Krisis": "Gestel dat 'n volk 'tussen die engtes' ingekom het – vind dat hy hom op lewe en dood moet verdedig –; hy span alle stoflike en politieke kragte in, behoed en brei sy geestelike, tegniese, intellektuele besit uit, doen alles wat hy kan, om te bly voortbestaan ... Dan kom hy voor die laaste versoeking: om te glo dat blote voortbestaan verkieslik is bo die voortbestaan in geregtigheid. [...] belangriker is dit om te sê dat daar seker geen volk is wat nie op een of ander tyd so gesondig het nie; en belangrikste van alles is dit

> **"As ons sê "Ons sal self", dan bedoel ons dat ons gemeenskapselfstandigheid kies as alternatief tot staatsafhanklikheid.**

om te weet dat die versoeking die bestendige versoeking is wat vir elke volk in die woestyndae inwag – dat dit die grootste, die byna mistieke krisis is waarvoor 'n volk te staan kan kom. Ek glo dat op 'n vreemde manier dit die krisis is waaruit 'n volk herbore, jonk, skeppend, te voorskyn kom, hierdie 'donker nag van die siel' waarin hy gesê het: Ek sal liewer ondergaan as deur ongeregtigheid bly voortbestaan."

Soos in die tyd van ons voorouers, staar ernstige uitdagings tans ook Afrikaners in die gesig. Die nuwe Onderwyswet (Bela) is maar een voorbeeld daarvan. Om bloot voort te bestaan, om te oorleef, is egter nie vir ons goed genoeg of waarvoor ons werk nie. Ons werk om voort te bestaan in geregtigheid, om voluit te leef.

Ons wat die voorreg het om by AfriForum betrokke te wees, beleef hoe ons volk, al die uitdagings ten spyt, selfversekerd, skeppend en lewenskragtig na vore tree om 'n toekoms vir ons kinders te verseker – getrou aan wie ons is, in geloof en in geregtigheid.




**Kallie Kriel**, uitvoerende hoof van AfriForum en die Zoeloekoning **Misuzulu KaZwelithini** tydens 'n herdenkingsgeleentheid wat op 18 Oktober 2024 vir die voormalige Zoeloekoning, koning Dinuzulu (1868–1913), op die plaas Rietfontein (KwaThengisangaye) buite Middelburg in Mpumalanga gehou is. Dié geleentheid is deur koning Misuzulu as die begin van formele gesprekke oor samewerking met die Afrikanergemeenskap bestempel.

# AfriForum ondersteun *kultuurgemeenskappe* met die bevordering van moedertale

Deur Barend Uys | Foto's: Verskaf

Terwyl Afrikaans se eerste 100 jaar as amptelike taal tans gevier word, werk AfriForum deurlopend ook met ywer saam met ander kultuurgemeenskappe om moedertaalgebruik op uitgebreide maniere in dié gemeenskappe aan te moedig. **Barend Uys, hoof van Interkulturele Samewerking en Verhoudings by AfriForum**, verduidelik hoe daar prakties aan die bevordering van moedertaal in dié netwerk van kultuurgemeenskappe gebou word.

**"Welkom in Disaneng"**

AfriForum en die kantoor van kgosi Mogakolodi Masibi van die Batlharo Boo Tokwana Ba Ga Masibi-kultuurgemeenskap van Disaneng, wes van Mahikeng in Noordwes, het in September kragte saamgesnoer om verwelkomingsborde op te rig om inwoners en reisigers in die gebied van dié gemeenskap te verwelkom. Dit is nie sommer enige borde nie, maar Tswana-borde met die woorde "Batlharo Boo Tokwana ba ga Masibi ba lo amogela mo Disaneng" wat beteken "Die Batlharo Boo Tokwana Ba Ga Masibi verwelkom jou in Disaneng".

Volgens kgosi Masibi is die gemeenskap trots daarop om padtekens in hul moedertaal te hê wat gemeenskapslede en reisigers verwelkom in die plek wat hul tuiste is. Hul gemeenskap het boonop 'n gesegde wat die waarde van kultuur akkuraat beskryf: "Morafe o senang ngwao, ga o iketse, e bile, leina tsela", wat beteken dat 'n volk wat nie hul kultuur en tradisies uitleef nie, verlore is en dat as jy iemand se naam ken, jy weet waar hy vandaan kom.

Hierdie projek het voortgevloei uit die wedersydse erkenning-en-samewerkingsooreenkoms wat AfriForum vroeër met die Batlharo Boo Tokwana Ba Ga Masibi gesluit het as deel van AfriForum se inisiatief om 'n netwerk van kultuurgemeenskappe te bou wat kan saamwerk en mekaar kan ondersteun om 'n toekoms vir alle gemeenskappe se kinders hier aan die suidpunt van Afrika te verseker.

**Ndebele op die SAUK**

AfriForum pak etlike jare lank reeds projekte in samewerking met ander kultuurgemeenskappe ter bevordering van moedertaal aan. In September 2020 het AfriForum die Ndebele-belangegroep Vulamehlo Kusile Organisation (VUKO) ondersteun met 'n petisieveldtog vir die regverdige behandeling van Ndebele deur die SAUK ten einde gelyke behandeling van alle Suid-Afrikaanse tale te verseker. In Januarie 2022 het AfriForum en VUKO ook 'n veldtog van stapel gestuur om die korrekte vaslegging van kulturele en taalwerklikhede in Suid-Afrika te bevorder. Die organisasies het gemeenskapslede aangemoedig om aktief aan

> **Volgens kgosi Masibi is die gemeenskap trots daarop om padtekens in hul moedertaal te hê wat gemeenskapslede en reisigers verwelkom in die plek wat hul tuiste is.**





**Nantes Kelder** (nasionale projekkoördineerder van Interkulturele Samewerking en Verhoudings by AfriForum), **Barend Uys** (hoof van Samewerking en Verhoudings by AfriForum) en **kgosi Gaboilelwe Moroka** (kgosi van die Barolong Boo Seleka) by lede van die Barolong Boo Seleka- koninklike familie wat die onthulling van 'n nuwe grafsteen vir kgosi Tshipinare Moroka, die laaste leier van Thaba'Nchu as 'n onafhanklike staat, bygewoon het. Van links na regs is: **Kebogile Moroka**, **Keneilwe Makhoti**, **Mokoto Ben Moroka**, **kgosi Gaboilelwe Moroka**, **Nantes Kelder**, **Barend Uys**, **Mojanku Moroka**, **Nobo Ellen Moroka** en **Segomotso Itholeng**. Die oprigting van die grafsteen is as 'n gesamentlike erfenisprojek in samewerking met AfriForum onderneem.

Statistiek SA se Sensus 2022 deel te neem en om hul huistaal korrek aan te dui, asook om hul kulturele identiteit pleks van ras aan te dui.

**Xhosa hier tuis én geliefd**

AfriForum en die kantoor van inkosi Zwelothando Mabandla het in November 2023 saamgewerk om die kulturele identiteit van die AmaBhele KaJamangile-tradisionele gemeenskap te bevorder deur verwelkomings- en rigtingwyserborde in dié gemeenskap se gebied tussen Tsolo en Maclear (Nqanqarhu) in die Oos-Kaap op te rig. Verwelkomingsborde met die Xhosa-woorde "Isizwe SamaBhele KaJamangile siyakwamkela" ("die AmaBhele KaJamangile-volk verwelkom jou") is na aan die grense van die koninkryk opgerig, terwyl rigtingwyserborde wat die pad na die koninklike woning van inkosi Zwelothando, as die setel van die kultuurgemeenskap se koninklike familie – die leidende familie van die gemeenskap – aandui, ook opgerig is.

**'n Eervolle bewaring in Tswana**

In Julie 2024 het AfriForum en die Seleka Barolong-kultuurgemeenskap van Thaba 'Nchu in die Oos-Vrystaat saamgewerk om kgosi Tshipinare Moroka, die laaste leier van Thaba 'Nchu as 'n onafhanklike staat, te vereer met die onthulling van 'n nuwe grafsteen. Dié verering het gekom te midde van die Seleka Barolong-koninkryk se herdenking van sy dood 140 jaar gelede, op 10 Julie 1884. Kgosi Gaboilelwe Moroka, 'n nasaat van kgosi Tshipinare en die huidige koninklike leier van die koninkryk, het die grafsteen namens die Seleka Barolong onthul. Die oorspronklike Tswana-woorde wat in 1884 op die grafsteen aangebring is, is ook op die nuwe grafsteen aangebring.

**Want Engels is nie die enigste taal nie!**

AfriForum se betrokkenheid by hierdie projekte help ook om die strewe na die uitbou en bevordering van moedertaal te normaliseer. As ander kultuurgemeenskappe ook aandring op die gebruik en bevordering van moedertaal, sal Afrikaners se aandrang daarop nie 'n uitsondering wees nie. Met ander woorde: Terwyl ons ander kultuurgemeenskappe help, help ons ook onsself omdat dit ons stryd makliker maak.

Die belangrikste manier waarop taal deur hierdie projekte bewaar en bevorder word, is deur die tasbare en sigbare werklikheid wat daargestel word. Mense kan sien dat hul eie taal ook gebruik kan word vir amptelike kommunikasie soos padtekens. Dit bevestig dat hul eie taal "goed genoeg" is en dat Engels nie die enigste "aanvaarbare" taal is om te gebruik vir amptelike sake nie.

Dit is belangrik vir gemeenskappe om hul eie taal te bewaar omdat dit kernbelangrik is vir 'n goeie en gesonde kulturele selfbeeld. 'n Kultuurgemeenskap met 'n gesonde kulturele selfbeeld is ook selfversekerd. Só 'n gemeenskap sal nie graag in iemand anders (soos die staat) se oë wil kyk om te oorleef en te leef nie. Hierdie gesonde trots motiveer 'n gemeenskap om te werk vir selfstandigheid en sulke gemeenskappe is die vennote wat AfriForum graag in ons netwerk van kultuurgemeenskappe koppel waar ons mekaar kan ondersteun om 'n toekoms vir ons kinders te verseker.




**Nantes Kelder**, nasionale projekkoördineerder van Interkulturele Interkulturele Samewerking en Verhoudings by AfriForum, en **kgosi Mogakolodi Masibi**, kgosi van die Batlharo Boo Tokwana Ba Ga Masibi-kultuurgemeenskap, by lede van die Batlharo Boo Tokwana Ba Ga Masibi-gemeenskap se tradisionele raad. Van links na regs is: **Diile Modungwa**, **Gaone Masibi**, **kgosi Masibi**, **Nare Medupe**, **Thebenyane Masibi**, **Motshwarateu Khoane** en **Kelder**. AfriForum en die kantoor van kgosi Mogakolodi Masibi van die Batlharo Boo Tokwana Ba Ga Masibi-kultuurgemeenskap van Disaneng, wes van Mahikeng in Noordwes, het saamgewerk om verwelkomingsborde op te rig om inwoners en reisigers in die gebied van dié gemeenskap te verwelkom.



Die beoordelaars en finaliste van die Entrepreneur van die Jaar-kompetisie. Voor is Charl Oberholzer, Rhona Erasmus, Jandré de Beer, Lizette Volkwyn en Stephan Bredell. Agter is Carmé Myburg, Martie Truter, Danielle de Villiers, Awie Krog, Marezelda Combrinck en Jolene Snyman.

# KOMPETISIE beloon Suid-Afrikaanse entrepreneurs

**Deur Carina Bester | Foto's: Okay Deer**

Twee entrepreneurs wat onderskeidelik AfriForum Sakenetwerk se Entrepreneur van die Jaar-kompetisie en Onderneming van Formaat-toekenning vir 2024 gewen het se ondernemings het ontstaan nadat hulle self 'n behoefte aan 'n produk of diens gehad het.

Hierdie kompetisie, wat in samewerking met Akademia aangebied word, is in 2024 vir die sewende keer aangebied. Die wenner van die kompetisie stap elke jaar met groot pryse weg en hierdie keer was R50 000 kontant en 'n mediapakket van Maroela Media ter waarde van R50 000 op die spel. Die wenner het ook niekontantpryse van meer as R200 000 ontvang, geborg deur Acctiva Accounting, STEYN IP, Kwikstert, Wolk-Besigheidsbroeikas, Lizette Volkwyn en Solidariteit.

"Akademia is 'n trotse vennoot van dié Afrikaanse entrepreneurskompetisie wat elke jaar net nóg groter en beter word. Die kompetisie skep die ideale geleentheid vir entrepreneurs wat 'n publisiteitshupstoot benodig en uitstekende advies van kundiges in die gebied wil ontvang," sê Mareli Swanepoel, projekbestuurder by Akademia.

Awie Krog, eienaar van Craft Braai en wenner van 2024 se Entrepreneur van die Jaar-kompetisie, is tydens die Covid-19-pandemie afgelê en omdat hy dikwels die behoefte gehad het om fyner kos te braai, het die idee van 'n braaisakkie posgevat. Met Craft Braai se braaisakkies kan enigiets, van maalvleis tot springmielies, op die vuur gaargemaak word.

Volgens hom het die gelykenis van Johannes 21:6 op sy hart gedruk waar Jesus vir sy dissipels gesê het om hul net aan die anderkant van die skuit te gooi, want daar sal hulle vis uittrek. Die gelykenis was vir hom in daardie uitdagende tyd uiters gepas. Nie net is sy braaisakkiekonsep uit net gemaak nie, maar hy moes ook uit sy gemaksone tree en die Here vertrou om hom te herontwerp in sy vindingryke reis na ware entrepreneurskap.

"Met my agtergrond in siviele ingenieurswese, IT en projekbestuur moes ek myself herontwerp en dit was die beste ding wat met my lewe kon gebeur het."

Die finaliste van die Entrepreneur van die Jaar-kompetisie het ook as deel van die kompetisie toegang tot mentors gehad. Christiaan Steyn van STEYN IP was sy mentor en Krog sê om 'n mentor te hê is van kardinale belang, nie net tydens die kompetisie nie, maar ook daarna.

**“Steyn se raad aan entrepreneurs is om aan te hou droom. “Weet as ’n entrepreneur gaan jy teen die stroom swem. Hou aan, dit is die moeite werd.”**

Volgens Steyn sien Krog probleme as uitdagings; hy kyk nie vas in ’n probleem en sê hoe kan ek hierdie regmaak nie. Hy kyk hoe hy die probleem tot sy voordeel kan gebruik en dit is iets wat hom baie goed maak.

Steyn se raad aan entrepreneurs is om aan te hou droom. “Weet as ’n entrepreneur gaan jy teen die stroom swem. Hou aan, dit is die moeite werd.”

Krog se groot droom is om plaaslik jong seuns en meisies met spesiale behoeftes, wat nie in die samelewing regkom met werk nie, ’n werk te kan aanbied om hulle sodoende in die samelewing te help integreer.

Sanderien van der Walt, bestuurder van AfriForum Sakenetwerk, sê die finaliste se voorleggings was op ’n besonderse hoë standaard en daarom is daar besluit om die toekenning Netwerker van Formaat in Onderneming van Formaat te omskep.

Dié toekenning is aan Danielle de Villiers, eienaar van The Fun Room, oorhandig.

De Villiers het kort nadat sy ’n ma geword het besef daar is ’n behoefte in die mark vir ’n restaurant waar kinders kan speel en die ouers terselfdertyd nog warm kos en koffie kan geniet. By The Fun Room kan kinders in ’n veilige, skoon speelplek onder toesig baljaar terwyl hul ouers rustig sit en eet of selfs werk.

“Hierdie toekenning beteken vir my baie. Dit gee my nuwe hoop en geloof in my sakekonsep en maak my baie lus vir die toekoms. Dit maak my honger om verder te wil groei en om meer aan te pak om groter en groter te word.”

Volgens haar is die insette wat sy van die beoordelaars ontvang het baie insiggewend aangesien sy by hulle geleer het dat daar verskillende maniere is waarop sy haar onderneming kan groei.

As jy ’n idee het wat vir jou vlinders in jou maag gee, ondersoek dit en gee dit ’n kans, is haar raad aan aspirantentrepreneurs.

Die 2024-kompetisie is beoordeel deur Lizette Volkwyn (meesterlewens-afrigter, skrywer, internasionale spreker, meesterpraktisyn in neuro-linguistiese programmering en -afrigter), Charl Oberholzer (’n toonaangewende Afrikaner-entrepreneur en medestigter van die geskenkwinkelgroep De Afrikander Handelshuis, die manshaarkapper Republk Barbier en die leefstylhandelsnaam Republk), Jandré de Beer (stigter van V8 Media, een van Afrika se mees ervare e-handel- en digitale sakebemarkingsagentskappe), Rhona Erasmus (REALSKIN se mededirekteur en -stigter, asook eienaar van Trouvaille Boutique Dagspa) en Stephan Bredell (stigter van die Plato Coffee Group, een van Suid-Afrika se toonaangewendste koffiehuise).

“Ons wil deur dié kompetisie plaaslike entrepreneurs aanmoedig en beloon. Ons sien hulle harde werk raak en harde werk is noodsaaklik om in Suid-Afrika suksesvol te wees. Die finaliste in dié kompetisie het weer eens bewys dat Suid-Afrikaanse en veral Afrikaanse entrepreneurs geen einde aan kreatiewe vermoëns het nie,” sê Van der Walt.






BO LINKS: Awie Krog, eienaar van Craft Braai, is AfriForum Sakenetwerk se Entrepreneur van die Jaar vir 2024. Saam met hom is Mareli Swanepoel (Akademia, links) en Sanderien van der Walt (AfriForum Sakenetwerk, regs). BO REGS: Mareli Swanepoel (Akademia), Danielle de Villiers, eienaar van The Fun Room, en Sanderien van der Walt (AfriForum Sakenetwerk). De Villiers het weggestap met die Onderneming van Formaat-toekenning.



# MENSEHANDEL: Die honger monster sluip ook in SA

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Verskaf

Mark Kuys, 'n veiligheidskenner met sowat 40 jaar ervaring in die bedryf, kén die onderwêreld. Sy stip kyk verklap dat niks dié man se blik ontglip nie, veral nie wanneer dit by veiligheid kom nie. In 'n aanlyn onderhoud met dié gesoute spesialis wat voorheen as AfriForum se hoof van Gemeenskapsveiligheid in die suide van die land werksaam was en hom deesdae by die burgerregteorganisasie toespits op die takeling van een van dié grootste internasionale misdade, mensehandel, word dit duidelik dat Kuys die donkere waarheid van mensehandel ken én diep verag.

Met rede, want mensehandel is, volgens Kuys, deel van 'n multimiljarddollar- internasionale industrie en naas dwelmhandel dié grootste onwettige bedryf ter wêreld. Statistiek van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) toon dat nagenoeg 11 100 gevalle van mensehandel tussen Desember 2007 en Januarie 2022 by die SAPD aangemeld is. Kuys benadruk dat die volle omvang van hierdie misdaad nie gemeet kan word nie juis omdat dit in die geheim plaasvind, oor internasionale grense strek en daarom veel meer omvangryk is as wat polisiestatistiek toon. Navorsing oor mensehandel in KwaZulu-Natal spesifiek wat vroeg in 2024 in 'n internasionale vaktydskrif gepubliseer is, voer aan dat daar op enige gegewe tydstip wêreldwyd sowat 12,3 miljoen slagoffers vasgevang is in die netwerk van mensehandel en dat minstens 1,2 miljoen hiervan kinderslagoffers is. Die skokkende werklikheid is dat Suid-Afrika nie net by hierdie netwerk ingesluit is nie, maar ook as aktiewe sentrum of deurgangspunt vir hierdie euwel dien.

> **Kuys waarsku dat die toename in kinders wat spoorloos verdwyn een van die vernaamste wysers op 'n toename in mensehandel in Suid-Afrika is.**


**Beatri Kruger**, mensehandelkenner van die Sentrum vir Menseregte aan die Universiteit van die Vrystaat.

## Mensehandel in Suid-Afrika

Volgens Kuys is AfriForum sedert die begin van 2024 geaffilieer met die National Freedom Network, 'n netwerk van organisasies wat in baie sektore van die samelewing werk aan die bekamping van mensehandel in Suid-Afrika. AfriForum se fokus op mensehandel word nou as noodsaaklik geag omdat dié soort misdaad "deel is van die bedreiging teen ons gemeenskappe" en inskakel by die burgerregteorganisasie se oorkoepelende fokus op die beskerming van gemeenskappe.

"Omdat mensehandel wêreldwyd en in Suid-Afrika toeneem, is dit vir AfriForum noodsaaklik om sy lede en die publiek bewus te maak van die bedreiging en risiko's wat daarmee gepaard gaan," verduidelik Kuys.

Kuys waarsku dat die toename in kinders wat spoorloos verdwyn een van die vernaamste wysers op 'n toename in mensehandel in Suid-Afrika is. Statistiek van die niewinsgewende organisasie Missing Children South Africa (MCSA) toon dat hoewel sowat 77% van kinders wat as vermis in Suid-Afrika aangemeld word weer gevind word, die oorblywende 23% óf dood gevind word óf nooit opgespoor word nie óf slagoffers van mensehandel word. Ietwat verouderde polisiebronne (uit 2013) voer aan dat een kind elke vyf ure in Suid-Afrika vermis raak. Boonop wys statistiek van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se eenheid vir vermiste persone dat 'n totaal van 49 346 volwassenes en 14 252 kinders jonger as 18 jaar vanaf Januarie 2000 tot Desember 2015 vermis geraak het. Hiervan was 23 803 volwassenes (48%) en 3 957 kinders (sowat 28%) teen 2016 steeds vermis.

Hoewel Suid-Afrika goeie wetgewing het en nog verdere riglyne ontwikkel om mensehandel te bekamp, waarsku Kuys dat die afdwing en toepassing daarvan nog gebrekkig is. Die gebrek aan doeltreffende polisiëring in Suid-Afrika maak van die land 'n plek waar misdadigers hierdie misdaad baie makliker kan voortsit. Dit noodsaak daarom 'n aktiewe en doelgerigte poging om deur middel van voorkomingstrategieë gemeenskappe te bemagtig met kennis oor mensehandel, potensiële lokvalle en kwesbaarhede uit te wys en sodoende te keer dat weerbare individue die slagoffer van mensehandel word.

## Hoe verskil mensehandel van ontvoering?

Volgens die Verenigde Nasies se kantoor vir dwelmmisbruik en misdaad (UNODC) word mensehandel geag as die "werwing, vervoer, verskuiwing, huisvesting of inontvangsneming van mense deur middel van dwang, bedrog of misleiding met die doel om hulle vir gewin uit te buit".

Navorsing wat prof. Beatri Kruger, mensehandelkenner van die Sentrum vir Menseregte aan die Universiteit van die Vrystaat, in 2022 onderneem het, wys daarop dat hoewel daar etlike verskille tussen abduksie *(abduction)*, menseroof *(kidnapping)* en mensehandel *(human trafficking)* bestaan, daar ook heelwat oorvleueling en verbande tussen die drie misdrywe is.

Abduksie, soos dit in wetgewing omskryf is, is onder meer die onwettige verwydering van 'n minderjarige sonder sy of haar ouers se toestemming met die opset om met die minderjarige te trou of seksueel te verkeer. Abduksie en menseroof oorvleuel in baie opsigte.

Daarenteen verwys menseroof, oftewel ontvoering, op "die wederregtelike en opsetlike ontneming van enige natuurlike persoon se vryheid van beweging en/of die verwydering van 'n kind onder 18 jaar uit sy of haar ouer of voog se beheer sonder dié se toestemming", luidens Kruger.

Die Suid-Afrikaanse Wet op Mensehandel 7 van 2013 kriminaliseer mensehandel en volgens internasionale standaard kan mensehandel op verskeie metodes – insluitend abduksie en menseroof – gepleeg word, maar is uniek in die opsig dat dit gedoen word met die doel om slagoffers uit te buit.

Maar wat is mensehandel dan eintlik?

## Die vele gesigte van mensehandel

Volgens Kuys kan meer as 'n dosyn soorte mensehandel onderskei word en sluit hierdie misdaad onder meer dwangarbeid, gebonde arbeid (ook bekend as knegskap

of skuldslawerny), gedwonge kinderarbeid, onwettige aanneming, seks- en mutihandel, sekstoerisme waarin kinders uitgebuit word, orgaanhandel, gedwonge huwelike met minderjariges en gedwonge bedelpraktyke in. Hoewel elkeen van hierdie soorte mensehandel tans in Suid-Afrika voorkom, is sekshandel verreweg die mees omvangryke soort wat plaaslik gepleeg word en word daar geskat dat nagenoeg 80% van alle vorme van mensehandel in Suid-Afrika tans een of ander vorm van sekshandel insluit. Sommige vorme van mensehandel is boonop meer geografies gebonde aan sekere streke, soos byvoorbeeld die gebruik van kindersoldate wat, hoewel nie plaaslik nie, elders in Afrika 'n omvangryke probleem is.

### Só lyk die slagoffers

Om 'n akkurate, oorkoepelende profiel van mensehandelslagoffers op te trek, is 'n bykans onbegonne taak. Aangesien die soorte mensehandel uiteenlopend is, sal misdadigers se "voorkeurslagoffers" ook noemenswaardig verskil.

Tog bied kennis wat reeds oor plaaslike mensehandelslagoffers ingesamel is, uiters waardevolle inligting waarop potensiële slagoffers bedag moet wees. Kuys benadruk dat kwessies soos werkloosheid, armoede, gebrekkige gemeenskapsveiligheid, politieke en ekonomiese onstabiliteit, die hoë voorkoms van geweld teen vroue en kinders, asook laer opvoedingsvlakke die ideale ruimte vir mensehandelaars bied om hul misdaadbedryf te voed.

### Sosiale media en mensehandel

In 'n era waar sosialemediagebruik rekordhoogtes bereik en toegang tot tegnologie die gebruik selfs verder stimuleer, is mensehandelaars se werwingspotensiaal byna oneindig. Sosialemediaplatforms soos Facebook en Instagram word daarom toenemend ingespan om potensiële slagoffers van mensehandel te identifiseer, te teiken, stelselmatig in te lok (oftewel te *groom*) en uiteindelik toe te slaan.

Kuys hou vol dat die gebruik van sosiale media en beloftes van werksgeleenthede dikwels ingespan word om plaaslike slagoffers te werf. Kinders se weerhouding van inligting aan hul ouers oor verdagte kontak op sosiale media skep boonop 'n verdere risiko. Hy moedig ouers daarom aan om kinders oor die risiko's van sosiale media as werwingskanaal vir mensehandel in te lig. Kinders so jonk as laerskoolouderdom word reeds, volgens Kuys, deur twyfelagtige en persoonlike WhatsApp-boodskappe geteiken en ingeslurp in gevaarlike situasies.

> **Sosialemediaplatforms soos Facebook en Instagram word daarom toenemend ingespan om potensiële slagoffers van mensehandel te identifiseer, te teiken, stelselmatig in te lok (oftewel te *groom*) en uiteindelik toe te slaan.**

### Brandpunte van mensehandel in Suid-Afrika

Geen dorp, stad of buurt – hoe arm of welvarend ook al – is gevrywaar van mensehandel nie. Sekere gebiede bied egter wel meer geleenthede of anonimiteit vir die beoefening van hierdie soort misdaad. Mark Kuys, veiligheidskenner by AfriForum, voer aan dat hawestede soos Durban en Kaapstad veral geskik is vir die gerieflike in- en uitvoer van slagoffers, terwyl groter stede in die algemeen ruimte bied om hierdie misdaad in 'n see van mense byna ongesiens voort te sit. Benewens Durban en Kaapstad is stede soos Pretoria, Johannesburg en Bloemfontein reeds bekende brandpunte vir hierdie misdaad, terwyl stede soos Gqeberha (Port Elizabeth) en Oos-Londen ook meer onlangs as groeiende mensehandelsentrums geïdentifiseer is. Die platteland word ook nou meer toenemend geteiken, meen Kuys, omdat armoede en die tekort aan werksgeleenthede slagoffers hier besonder kwesbaar maak.

### Wees paraat én ingelig!

AfriForum se opleiding oor die kwessie van mensehandel word reeds etlike maande lank aangebied vir AfriForum-takke landwyd. As deel van die organisasie se fokus op bewusmaking van dié misdaad word hierdie inligting nou ook aan 'n wyer gehoor beskikbaar gestel om nou ook gemeenskapslesings en aanbiedings by skole aan ouergemeenskappe, kerke en ander belangstellendes te bied. Indien jou gemeenskap meer te wete wil kom oor die omvang en gevare van mensehandel of raad benodig oor hoe om kwesbare mense doeltreffend daarteen te beskerm, kontak Mark Kuys by **mark.kuys@afriforum.co.za**.



# Interpol se hulp versoek om oorgrensmisdaad te bekamp

Deur Carina Bester

Oorgrensmisdaad is 'n reuseprobleem in die gebiede teenaan die land se grense en boere en ondernemings ly telkens groot verliese weens die misdade wat daar gepleeg word. AfriForum en die familieboerorganisasie Saai het vroeër vanjaar 'n skrywe aan Jürgen Stock, Interpol se sekretaris-generaal, gestuur waarin die organisasies eis dat daar onmiddellik ingegryp moet word om die toename in oorgrensveediefstal – en die geweld wat daarmee gepaard gaan – tussen Suid-Afrika en Lesotho te takel. Maar wie en wat is Interpol en hoe help hulle om veiligheid te verbeter?

Interpol (oftewel die Internasionale Misdaadpolisieorganisasie) is 'n interregeringsorganisasie met 196 lidlande wat deel vorm van dié organisasie. Hierdie organisasie is die grootste polisieorganisasie ter wêreld en help polisiedepartemente in al die lidlande om saam te werk om veiligheid te verbeter en misdadigers vas te trek. Hulle bestuur ongeveer 19 databasisse wat inligting bevat oor misdade en misdadigers wat intyds beskikbaar is. Aangesien misdaad toenemend internasionaal plaasvind, is hierdie organisasie uiters belangrik.

Die hoofareas waarop Interpol fokus is terrorisme, kubermisdaad, georganiseerde misdaad, asook finansiële misdaad en teenkorrupsie.

Elke lidland van Interpol het 'n Nasionale Sentrale Buro (NSB) wat die land se nasionale wetstoepassingsagentskappe met ander lande en die Algemene Sekretariaat verbind deur 'n veilige wêreldwye polisiekommunikasienetwerk. Hierdie NSB's kry onder meer inligting van ander NSB's wat nodig is wanneer 'n misdaad of misdadigers in die betrokke land ondersoek word. Hulle deel ook data en intelligensie om ander lande te help. Dus werk NSB's nie net saam met die plaaslike polisie van die land nie, maar ook saam met ander NSB's en die kantore van die sekretaris-generaal oor die hele wêreld heen. Alhoewel dit verskil van land tot land, word die personeel van die NSB's gewoonlik saamgestel uit hoogs opgeleide polisiebeamptes van die betrokke land.

> **In Suid-Afrika is Interpol se kantoor in Pretoria by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se misdaadintelligensie-eenheid gesetel.**

In Suid-Afrika is Interpol se kantoor in Pretoria by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se misdaadintelligensie-eenheid gesetel. Die NSB hier is vir die SAPD 'n internasionale bron van intelligensie wat die SAPD in staat stel om Suid-Afrika se misdaaduitdagings vanuit 'n internasionale perspektief te takel. Dit stel die SAPD ook in staat om opkomende misdaadtendense te bespeur.

Juis hierom het AfriForum en Saai Interpol versoek om in te gryp op die Lesotho-grens. Dié organisasies het versoek dat 'n omvattende assessering gedoen word na die omvang en werksaamhede van sindikate in oorgrensveediefstal. Hulle het verder versoek dat geteikende ondersteuning en hulpbronne aan plaaslike wetstoepassingsagentskappe verskaf word om hul vermoë te versterk om hierdie misdade doeltreffend te bekamp.

Interpol is ook gevra om beter samewerking tussen die lande se wetstoepassers te fasiliteer.

"Die situasie het 'n kritieke punt bereik waar onmiddellike en beslissende optrede nodig is. Ons boere leef voortdurend in vrees vir hul lewe en lewensbestaan. Die eskalerende geweld en brutale diefstalle bedreig nie net ekonomiese stabiliteit nie, maar ook die struktuur van hierdie gemeenskappe," sê Jacques Broodryk, hoofwoordvoerder vir Gemeenskapsveiligheid by AfriForum.

# Is vullis SA se volgende dreigende krisis?

*Almal het daagliks te doen met vullis, maar bitter min mense dink twee keer oor waar daardie piesangskil, lekkergoedpapier of battery heen gaan sodra dit in die swartsak beland.* ***Carina Bester*** *het by Marais de Vaal, raadgewer vir Omgewingsake by AfriForum, gaan aanklop om meer oor vullis en vullisterreine uit te vind.*

**1. HOE WERK VULLISTERREINE?**
'n Vullisterrein is nie net 'n hoop waarop rommel gegooi word nie. Dit is 'n spesifieke gebied wat aan sekere vereistes moet voldoen gebou sodat hierdie afval nie mense se gesondheid benadeel of die omgewing besoedel nie. In 'n ideale wêreld moet slegs huishoudelike afval op terreine gestort word en behoort herwinbare items en elektroniese afval reeds uit die afval verwyder word. Vullis word in 'n reeks selle op die terrein afgelaai, gekompakteer en met grond bedek. Sodra die vullis dan nie meer aan suurstof blootgestel word nie, kan die natuurlike proses om afval af te breek, begin. Wanneer AfriForum jaarliks vullisterreine oudit, sien ons dat die trokke nie die vullis in die spesifieke sel uitgooi nie, maar net op 'n plat stuk grond. In die meeste gevalle is daar ook informele herwinnaars wat deur die afval sorteer op soek na herwinbare items soos plastiek, glas en blik. Hierdie items moet eerder herwin word as op die vullisterrein beland aangesien dit spasie op die terrein mors wat eerder meer doeltreffend aangewend kan word.

**2. WIE IS VERANTWOORDELIK VIR DIE BESTUUR VAN VULLISTERREINE?**
Dit is 'n munisipale funksie, so plaaslike regering is verantwoordelik vir die stort en bestuur van vullis. As daar na ander tipe afval gekyk word, soos mediese afval, word dit meestal deur privaat diensverskaffers bestuur wat daardie terreine besit en lisensies daarvoor het.

**3. WATTER VULLIS KAN OP 'N TERREIN GESTORT WORD?**
Dit hang af van die terrein se lisensie. Enige afval wat gestort word moet ingevolge wetgewing by die regte terrein gestort word. As dit algemene huishoudelike afval, tuinvullis of bourommel is, dan is die vullisterrein daarvoor gelisensieer. Soos ek hierbo gesê het moet mediese afval, bande en karkasse byvoorbeeld na 'n spesifieke terrein met die nodige lisensie vir dié items gaan. Jy kan dit nie net met grond toegooi en hoop dit verdwyn nie. Industriële stowwe of chemikalieë moet op 'n ander manier bestuur word sodat dit op 'n veilige manier afbreek en weer deel van die natuur word.

**4. HOE WEET JY AS DIE TERREIN IN JOU AREA GEVAARLIKE AFVAL MAG ONTVANG?**
Daar is veronderstel om 'n bord by die ingang na die terrein te wees wat aandui wat die terrein se naam is en waarvoor dit gelisensieer is. Dit is ook een van die eerste dinge waarna ons kyk wanneer ons 'n vullisterrein oudit, want dit is nie altyd daar sodat die publiek kennis daarvan kan neem nie. Die terreinbestuurder moet ook vir jou 'n afskrif van die lisensie kan gee wat duidelik stipuleer wat daar gestort mag word.

**5. KAN JY ELEKTRONIESE TOESTELLE OOK IN JOU VULLISSAKKE WEGGOOI?**
Nee, elektroniese toestelle en



batterye bevat baie metale en chemikalieë wat skadelik kan wees. Dit moet op spesiale maniere behandel word en kan daarom nie net op ’n algemene vullisterrein gestort word nie. Daar is by sommige winkels, soos Makro, spesiale versamelpunte vir batterye en elektroniese afval. Ek het ook al opgemerk dat munisipaliteite ’n houer vir daardie tipe afval het omdat dit nie op die terrein self gestort mag word nie.

**6. WAT BEVIND JULLE JAARLIKS MET AFRIFORUM SE VULLISTERREIN-OUDITVERSLAG?**

Die oorgrote meerderheid munisipale terreine word nie behoorlik bestuur nie en voldoen nie aan die minimum vereistes wat ingevolge die afvalbestuurwetgewing vir afvalbestuur gestel word nie. Dit is ’n verpligting wat munisipaliteite nie nakom nie. Die gevolg is dat besoedeling plaasvind en inwoners aan gesondheidsrisiko’s blootgestel word. Ons sien dat die meeste terreine ook hul leeftyd se einde bereik. Daar is nie meer plek op munisipale terreine om vullis wettig te stort nie, wat verskeie uitdagings skep. In veral Gauteng is die beskikbare spasie op munisipale terreine uiters beperk. Al die voorspellings vanuit die industrie is dat daar maksimum vyf jaar oor is vir groot dele van Gauteng se munisipale terreine en geen nuwe terreine is al beplan nie.

**7. MOET ONS BEKOMMERD WEES DAT VULLIS DIE VOLGENDE DREIGENDE KRISIS GAAN WEES?**

Beslis, as munisipaliteite nie vullis behoorlik bestuur nie, moedig dit onwettige storting aan. Storting op oop velde gaan al hoe meer voorkom, wat nie net sleg lyk nie, maar ons ook blootstel aan besoedeling en die siektes wat daarmee gepaardgaan. Omdat daar nie betyds beplan is vir nuwe terreine nie, gaan dit beteken dat ’n mens al hoe verder moet wegbeweeg uit die stad uit om ’n geskikte ligging te kry vir ’n nuwe terrein. Om ’n nuwe terrein te vestig neem sowat vyf jaar vir beplanning, studies en die voorbereiding daarvan. Dit kan beteken dat mense teen ’n ekstra koste vullis na ander dorpe moet wegry.

**8. WAT KAN HUISHOUDINGS EN ONDERNEMINGS DOEN OM VULLIS BETER TE BESTUUR?**

Weet dat vullis nie net in jou asblik beland en dis dan die einde nie. Wees bewus van wat jy alles weggooi en moenie batterye in huishoudelike vullis gooi nie. Probeer om te herwin sodat plastiek, blik en glas uit die normale vullis gehou word sodat die bietjie spasie wat oor is, bespaar word. Maak gebruik van privaat inisiatiewe soos sommige AfriForum-takke wat herwin. Wanneer jy ’n privaat onderneming gebruik om vullis te verwyder, vra hulle permit aan, asook waar die vragte afgelaai word sodat jy nie onwetend bydra tot onwettige storting nie.

AfriForum het reeds sy eie vullisverwyderingsdiens in Bloemfontein en Bloemhof op die been gebring. Kyk hier na die tweede episode van die nuusprogram *AfriForum maak só* vir meer oor dié opwindende inisiatief.



# Een-nul-trippel-flop: Polisie dop reaksietydtoets

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto: Reint Dykema

Sirenes wat loei en polisievoertuie wat deur die verkeer vleg op pad na nóg ʼn misdaadtoneel is geen onbekende verskynsel in Suid-Afrika nie. Iewers het iemand dringend hulp nodig en die mans en vroue in blou se blitsige optrede is noodsaaklik. Dit is dikwels letterlik ʼn saak van lewe en dood. Oomblikke wat lewens kan red. Vanaf die oomblik dat ʼn lid van die publiek die 10111-noodnommer skakel totdat hulp uiteindelik opdaag, is kritiek.



Tog toon ʼn datastel wat Johan Nortjé, navorser by AfriForum, oor reaksietye van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ontleed het, dat daar ernstige tekortkominge in dié verband bestaan. Sover bekend is dit die eerste keer dat die SAPD se reaksietyd op hierdie spesifieke tipe misdaad op hierdie omvattende wyse nagevors word.

Volgens dié studie kon die polisie, in die vier jaar vanaf 2019/2020 tot 2022/2023, in slegs 23% van gevalle hul eie teikens ten opsigte van reaksietye op sogenaamde alfa-, bravo- en charlie-insidente tref. Oor die eerste agt maande van 2023/2024 kon die SAPD steeds net 42% van hul reaksietydteikens haal.

Insidente word in die SAPD se 10111-noodsentrum geprioriseer as alfa- (verwysend na misdade wat tans in proses is en alle ernstige misdade wat onmiddellike polisieoptrede vereis), bravo- (insidente wat reeds plaasgevind het en geen onmiddellike bedreiging vir lewe inhou nie) of charlie-insidente (minder ernstige insidente soos dronkenskap of leeglêery).

Volgens Nortjé sou daar, aan die hand van die prioritisering van insidente, verwag word dat die gemiddelde reaksietyd op ernstige insidente (oftewel alfa-insidente) veel beter sou wees as in die geval van minder ernstige gevalle. Dit is egter nie die geval nie.

Boonop toon die resultate van die studie dat Mpumalanga, ingevolge jaarlikse reaksietydteikens, die swakste gevaar het en nie in een van die jare wat ondersoek is, hul teikens gehaal het nie. Die Oos-Kaap, Noord-Kaap, Vrystaat en Noordwes het nie veel beter gevaar nie en kon elk net een keer in meer as vier jaar die paal haal.

Die jongste syfers wat in die studie ingesluit is (die eerste sewe maande van 2023/2024) skets, ten spyte van ʼn oorhoofse verbetering in resultate, steeds nie ʼn rooskleurige prentjie nie. Iemand wat ʼn ernstige misdaad of misdaad wat nog in proses is by die 10111-noodoproepsentrum in byvoorbeeld die Noord-Kaap aanmeld, kan verwag om ʼn gemiddeld van 27 minute en 56 sekondes te wag vir hulp om op te daag, terwyl dit ʼn gemiddeld van onderskeidelik 25 minute en 46 sekondes en 24 minute en 51 sekondes sal neem in Mpumalanga en die Oos-Kaap. Daar kan egter verwag word dat hulp veel vinniger sal opdaag in alfa-insidente wat in Gauteng en Limpopo aangemeld word. In Gauteng was die gemiddelde reaksietyd vir die genoemde 2023/2024-periode 11 minute en 55 sekondes, terwyl dit in Limpopo 13 minute en 55 sekondes was.

Reaksietye is beslis nie die enigste komponent waaraan die polisie se oorhoofse suksesse of mislukkings gemeet word nie, waarsku Nortjé, maar dit bly tog een van die kritieke elemente.

Nortjé voer aan dat verskeie aspekte – soos die tekort aan werkende polisievoertuie, moontlike leemtes in die opleiding van noodsentrumoperateurs, onbeantwoorde noodoproepe en die blote geografiese ligging van sekere insidente – tot die swak prestasie ten opsigte van reaksietye kan bydra. Bheki Cele, toenmalige Polisieminister, het juis in ʼn antwoord aan die parlement in 2023 verklaar dat die 10111-noodnommer in die drie jaar vanaf 2020 tot 2022 sowat sewe miljoen oproepe onbeantwoord gelaat het. Cele het ook in Julie 2023 bevestig dat ʼn gemiddeld van 21% van alle polisievoertuie en 16% van voertuie wat deur polisiespeurders gebruik moet word, defektief is. Dié syfers beklemtoon die omvang van probleme wat by die noodsentrum ontstaan en oorspoel na die polisie se vermoë om vinnig op noodsituasies te reageer.

Weens ʼn tekort aan toeganklike en betroubare data is dit nie moontlik om die reaksietye van plaasaanvalle en -moorde met dié van alle misdade in Suid-Afrika te vergelyk nie. Tog meen Nortjé wil dit voorkom uit die beperkte inligting dat die syfers min of meer ooreenstem. Syfers oor reaksietye wat die SAPD vroeër in 2024 vrygestel het toon dat alfa-insidente se reaksietye in Gauteng vergeleke met vorige vrygestelde data van ʼn gemiddeld van 11 minute na 12 minute verswak het en reaksietyd op insidente van dieselfde dringendheidsvlak in die Noord-Kaap tot een uur was.

Sowel AfriForum se navorsing as ander syfers wat reeds oor reaksietye vrygestel is, beklemtoon dat die SAPD se dienslewering in dié verband uiters gebrekkig is en dat ingryping deur die Polisieminister en die nasionale polisiekommissaris noodsaaklik is. "Hoewel die publiek self nie veel kan doen om dié probleem op te los nie, word betrokkenheid by ander veiligheidsinisiatiewe, soos die plaaslike AfriForum-buurtwag of gemeenskaps-polisiërings-forum (GPF), aanbeveel," verduidelik Nortjé.



**Johan Nortjé**, navorser by AfriForum




Die StudentePlein-span van die Universiteit Stellenbosch het koning gekraai in die universiteitskategorie. Van links na regs is Alana Bailey, Wian van Rooyen (StudentePlein), Neelsie van Dyk (StudentePlein), Ignus Ferreira (StudentePlein), Righardt Pretorius (StudentePlein), Nicolene Müller en Kallie Kriel.

# Só praat jonges 'n hond uit 'n bos uit

Deur Nicolene Müller | Foto's: Alden van Heerden en Dian Jordaan

In die wêreld van woorde en idees is debat 'n kuns wat leerders help om hul stem te vind en die uitdagings van die toekoms met selfvertroue te hanteer. Afrikaanse debat in Suid-Afrika speel 'n kritieke rol, nie net in die bevordering van die taal nie, maar ook in die vorming van jong geesdriftige denkers wat eendag die leiers van ons land sal wees.

Die doel van die Dink of Sink-onvoorbereide debatskompetisie is om debat in Afrikaans op laerskool-, hoërskool- en universiteitsvlak te bevorder. Terselfdertyd leer die debatteerders 'n kernvaardigheid wat hulle in die toekoms sal baat wanneer hulle die werksplek betree.

Afrikaanse debat help ook om leierskapvaardighede te ontwikkel. Leerders leer hoe om respek te toon vir ander se standpunte, terwyl hulle hul eie standpunt met passie verdedig. Hulle raak meer ingelig oor die wêreld rondom hulle en die sosiale en politieke kwessies waarmee Suid-Afrika te kampe het. Hierdie breër perspektief berei hulle voor om ingeligte burgers te wees wat hul gemeenskappe kan beïnvloed en positiewe verandering kan aanbring.

In 'n land soos Suid-Afrika waar diversiteit en verskillende menings soms spanning kan veroorsaak, bied debat 'n platform waar jongmense leer hoe om konflik met dialoog en begrip te hanteer. Dit is 'n vaardigheid wat hulle in die werksplek, hul gemeenskappe en in hul persoonlike verhoudings kan toepas.

Met een laerskolekompetisie, ses provinsiale uitdunrondtes vir hoërskole, vier uitdunrondtes vir universiteite en twee nasionale finale, het AfriForum se Dink of Sink-span in Oktober 2024 'n suksesvolle debatsjaar afgesluit.

**2024: 'n Jaar propvol kekkel, dink én sink**

Die 2024-debatseisoen het reeds in Februarie afgeskop met die eerste Dink of Sink- onvoorbereide debatskompetisie vir laerskoolleerders waarin graad 6- en 7-leerders behoorlik geskitter het. Altesaam 42 laerskoolleerders het vanjaar aan hierdie nuwe afdeling van die kompetisie deelgeneem en die Laerskool Anton van Wouw van Pretoria is uiteindelik gekroon as 2024 se grootste grootpraters op laerskoolvlak.

Na afloop van die ses rateltaai provinsiale uitdunne in Gauteng, Limpopo, die Vrystaat, Mpumalanga, die Oos-Kaap en die Wes-Kaap, het die topsesspanne in die junior en senior kategorie deurgedring na die nasionale finaal wat op 5 Oktober in Centurion gehou is.

In die junior kategorie, vir graad 8- en 9-leerders, het die Hoërskool Nelspruit, Merensky Landbou Akademie (MLA), die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria (AHMP), die Hoërskool Durbanville, die Hoërskool Jim Fouché en die Hoërskool








BO LINKS: Die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria, wat in 2023 naaswenners in dieselfde kategorie was, het in 2024 soete oorwinning gesmaak in die junior kategorie vir hoërskoolleerders. Hier is dié wenspan (van links na regs: Lientjie Steyn, Anabelle Swanepoel en Kiki Butler) by Nicolene Müller (AfriForum se projekkoördineerder vir Onderwys, links), Alana Bailey (AfriForum se hoof van Kultuursake) en Kallie Kriel (uitvoerende hoof van AfriForum). MIDDEL: Die Hoërskool Durbanville, naaswenners in die junior kategorie vir hoërskole, se Cayla Fourie, Lucah Vorster en Saskia Cloete. BO REGS: Die Hoërskool Nelspruit se Rosemarie Oberholzer, Brenton Eastes en Nina Prinsloo het vir dié Laeveldse skool 'n tweede plek ingepalm in die senior afdeling van die hoërskoolkategorie van 2024 se Dink of Sink-kompetisie.

**"Die doel van die Dink of Sink- onvoorbereide debatskompetisie is om debat in Afrikaans op laerskool-, hoërskool- en universiteitsvlak te bevorder.**

Framesby mekaar die stryd aangesê. Die topses- senior spanne was die debatteerders van Helpmekaar Kollege, Paul Roos Gimnasium, die C&N Sekondêre Meisieskool Oranje, MLA, die Hoërskool Pearson en die Hoërskool Nelspruit.

AHMP het as die wenners in die junior kategorie uit die stryd getree, terwyl Helpmekaar Kollege in die senior kategorie koning gekraai het.

'n Totaal van 543 hoërskoolleerders – 86 junior en 95 senior spanne – het aan die afgelope Dink of Sink- onvoorbereide debatskompetisie deelgeneem.

Op universiteitsvlak het Dink of Sink ook die studente van Akademia, die Universiteit van Pretoria (UP), die Noordwes-Universiteit (NWU) en die Universiteit Stellenbosch (US) aan die dink en praat gehad. Uitdunrondtes is op elkeen van dié onderskeie universiteite se kampusse aangebied waaraan 64 studente deelgeneem het. Die nasionale finaal vir universiteite is op 28 September gehou, waartydens StudentePlein van die US as wenspan gekroon is en die span van die NWU as naaswenners aangewys is.

**In 2025 dink en sink ons voort!**

Die Dink of Sink-span is opgewonde om in 2025 weer hande te vat met ons gasheerskole, mediavennote en borge om die kompetisie op laerskool-, hoërskool en universiteitsvlak aan te bied.

Intussen groei die belangstelling in hierdie unieke debatskompetisie ook in Namibië. AfriForum se span het reeds vroeër in 2024 nege skole in dié buurland besoek om plaaslike deelnemers en beoordelaars touwys te maak en is nou hoopvol om op hierdie verhouding met Afrikaanse debatteerders voort te bou.




Helpmekaar Kollege, wat in 2021 die wenners én naaswenners in die senior kategorie vir hoërskole was, het hul sukses in hierdie afdeling voortgesit en hul pad oopgepraat om as nasionale wenners aangewys te word. Die span is Danielle Wilkinson, Emile du Toit en Thea Kotzé.



Die Laerskool Anton van Wouw het die eerste plek opgeraap in die eerste Dink of Sink- onvoorbereide debatskompetisie wat in 2024 vir laerskole aangebied is. Agter van links na regs is Carien Bloem, Nicolene Müller, Alana Bailey (almal van AfriForum) en die gesoute beoordelaar dr. Gustav von Bratt. Voor van links na regs is die span van die Laerskool Anton van Wouw (Emmi-Faye Butler, Celesté Kempen en Levi Lombard).



Die Laerskool Pretoria-Oos se debatteerders het die tweede plek opgeraap in die kompetisie se laerskolekategorie. Hulle is Daniel de Waal, Emma Roos en Gert van der Walt.




Die Noordwes-Universiteit het as naaswenners uit die stryd getree in die universiteitskategorie van Dink of Sink. Van links na regs is Alana Bailey (AfriForum se hoof van Kultuursake), Pietie Vogel (NWU), Johan Jordaan (NWU), Estiaan Vorster (NWU), Jaco Mulder (NWU), Nicolene Müller (AfriForum se projekkoördineerder vir Onderwys) en Kallie Kriel (uitvoerende hoof van AfriForum).

**Dit is soveel meer as net praat**

"Afrikaanse debat is veel meer as net 'n skoolaktiwiteit; dit is 'n lewensvaardigheid wat jong leerders bemagtig om krities, selfversekerd en empaties te wees. Deur debat leer hulle om hul eie idees en dié van ander met respek te hanteer, en dit berei hulle voor vir sukses in hul akademiese, professionele en persoonlike lewe. In 'n veranderende Suid-Afrika is dit van onskatbare waarde om jongmense met hierdie vaardighede toe te rus, sodat hulle die uitdagings van die toekoms met wysheid en selfvertroue kan aanpak." – Nicolene Müller, AfriForum se projekkoördineerder vir Onderwys



# Harte klop AFRIKAANS in die buiteland



Jo Black by die Afrikaans is Lekker-vertoning in Dubai.



Die Afrikaans is Lekker-vertoning in Amsterdam.



Refentse tydens die Dubai-vertoning.



Die Afrikaans is Lekker-kunstenaars vang vis in Mackay. Kurt Darren en sy vrou, Dunay van Heerden.

Foto's: Adriaan van Wyk van AVW Media Worx, Ruben May en verskaf

Afrikaans is Lekker het deur die jare gegroei tot 'n viering van Afrikaanse musiek en kultuur wat diep aanklank vind by Afrikaners oor die wêreld heen. Hierdie konsertreeks, wat jaarliks deur South African Events in samewerking met AfriForum Wêreldwyd aangebied word, het vinnig een van die grootste byeenkomste geword om die Afrikaanse taal en kultuur in die buiteland te vier.

South African Events en AfriForum Wêreldwyd is toegewyd om geleenthede te skep waar ons mense in die buiteland kan saamkom, deel kan bly van hul kultuur en nuwe herinneringe kan maak.

Volgens Arno Nel, eienaar van South African Events en organiseerder van die Afrikaans is Lekker-konserte, gaan Afrikaanse konserte in die buiteland oor veel meer as net musiek. "Dit is 'n bymekaarkoms vir ou vriende en gemeenskappe. Dit is 'n plek om nuwe vriende te maak, lekker saam te kuier en jou taal en kultuur uit te leef. Dit is waarom ons die optredes doen vir ons gemeenskappe in die buiteland. Om gelukkig te wees in jou nuwe land, beteken nie dat jy jou mense en kultuur versaak nie. Ons mis dit tog en met hierdie optredes versag ons dit."

> **"Vir AfriForum, wat as hoofborg optree, is dié konserte 'n belangrike manier waarop Afrikaners in die buiteland hul erfenis aan die gang kan hou.**

Vir AfriForum, wat as hoofborg optree, is dié konserte 'n belangrike manier waarop Afrikaners in die buiteland hul erfenis aan die gang kan hou. "Afrikaans is die polsende hart van ons gemeenskap, ongeag waar jy woon. Ons kultuur en taal is iets om te vier en te bewaar. Met AfriForum Wêreldwyd kan Afrikaners in die buiteland deel wees van 'n wêreldwye netwerk wat hulle ondersteun en help om hul erfenis lewend te hou," verduidelik Sue-Ann de Wet, hoof van Diaspora by AfriForum.

### Dubai, Amsterdam en Londen verwelkom Afrikaans is Lekker

Die Afrikaans is Lekker-musiekvertonings is al 'n instelling in Australië, Nieu-Seeland en Kanada, maar is in Mei 2024 ook vir die eerste keer in Dubai, Amsterdam en Londen aangebied. Die gewilde Suid-Afrikaanse kunstenaars Refentse, Bobby van Jaarsveld, Jo Black en Demi-Lee Moore het gehore hier aan hul voete gehad. Dié konserte het die begin van 'n nuwe era ingelui vir Afrikaanse musiek in die buiteland en laat harte nou ook in Europa en die Midde-Ooste vinniger klop vir Afrikaans.

### Afrikaans is Lekker 2024: Kanada

Die geliefde "Skepe"-sanger, Jo Black, en die ewe gewilde Refentse – bekend vir treffers soos "Reisiger" en "Vuil Vanderbijl" – het in Junie vanjaar Kanada behoorlik op horings geneem met konserte wat in Calgary en Vancouver aangebied is. Hul optredes het 'n warm verwelkoming gekry, met gehore wat saamgesing het op elke noot.

### Afrikaans is Lekker 2024: Australië en Nieu-Seeland

Die Australiese en Nieu-Seelandse been van die Afrikaans is Lekker 2024-toer het in Augustus plaasgevind en het, met uitverkoopte vertonings, alle verwagtinge oortref. Dit maak van Afrikaans is Lekker nie net die lekkerste musiekkonsertreeks in die buiteland nie, maar ook die grootste byeenkoms ter viering van Afrikaanse musiek, kultuur en vermaak in Australië en Nieu-Seeland. Juanita du Plessis, Kurt Darren en Brendan Peyper was deel van hierdie toer. Dié kunstenaars het besoek afgelê in verskeie stede oor die hele Australië en Nieu-Seeland, insluitend Wellington, Auckland, Sydney, Mackay, Brisbane en Perth.

### Kunstenaars oor hul betrokkenheid



Jo Black

Jo Black, een van die gewilde kunstenaars, het sy passie vir die konserte uitgespreek: "Ek dink om in Afrikaans te sing en jouself uit te druk en uit te beeld in jou taal is 'n voorreg. Maar ek dink juiste meer as dit in die buiteland is vir Afrikaanse mense wat nie elke liewe dag hul taal hoor nie en hulle bederf word met Afrikaanse musiek. Om daardie waardering te sien, maak alles net die moeite werd!"

### Vooruitblik: Afrikaans is Lekker 2025

Die Afrikaans is Lekker 2025-toer beloof om selfs groter én lekkerder te wees met die VSA en stede soos Dublin, Londen en Manchester wat nou by die toerplan ingesluit word. Die toer skop op 24 Mei in Dubai af en word dan voortgesit in Amsterdam, Dublin en Manchester. Kunstenaars soos Liza Brönner, Ricus Nel, Brendan Peyper en Elandré is deel van die Europese toergroep.

Elandré, die man met die strelende diep stem wat liedjies soos "Asseblief" en "Woorde uit jou mond" in die volksmond geplaas het, is reeds opgewonde oor dié unieke Afrikaanse toer. Hy skryf: "Ek is bitterlik geëerd om gevra te word om Afrikaans in die verte te gaan verteenwoordig. Arno Nel het maar net 'n manier om 'n vertoning aanmekaar te sit en sekere kunstenaars bymekaar te voeg."



Elandré

Australië, Nieu-Seeland en Kanada kan ook weer hulle vere regskud, want Afrikaans is Lekker kom maak ook weer in 2025 'n draai. Hou AfriForum Wêreldwyd se sosialemediaplatforms en webtuiste dop vir meer inligting.

## Afrikaans ís lekker!

Die entoesiasme vir 2024 se Afrikaans is Lekker-konserte het ook op sosiale media weergalm. Vicky-Lodene du Toit het gedeel: "Dit was 'n wonderlike aand in Brisbane! My kind Karli het haar held, Brendan Peyper, ontmoet en nou is sy nog meer beïndruk met Afrikaans en Afrikaanse musiek. Ons is so dankbaar dat ons hierdie kulturele ervaring kan deel." Charleen Craig het ná die Kurt Darren-optrede in Auckland geskryf: "Kurt het die gehoor op hulle voete gehad! Dit was 'n wonderlike aand, afgesluit met 'n oorwinning van die Bokke!"

## AfriForum verwelkom internasionale lede

Het jy vriende en familie wat in die buiteland woon? Hulle kan AfriForum se projekte en aksies vanuit die buiteland ondersteun deur as internasionale lid van AfriForum aan te sluit. Saam is ons sterker! Besoek **www.wêreldwyd.co.za** vir meer inligting.

# Ou storie, nuwe plan met plattelandse museums

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Zaricia Badenhorst en verskaf

Aan die voetheuwels van die Doringberge, net suid van die Oranjerivier, lê die Noord-Kaapse dorp Prieska – 'n naam afgelei van die Koranawoord "prieskab" wat "die plek van die verlore bokooi" beteken.

Die gebied het reeds lank voor die dorp se ontstaan in 1878 trekboere hierheen gelok en gedurende die 1700's 'n gewilde deurgangsroete vir jagters en handelaars gebied. Eg aan die Noord-Kaap is Prieska ook bekend vir verskeie halfedelgesteentes, waarvan tieroog waarskynlik die gewildste is. Tieroog is só volop dat 'n Britse fort wat in die Anglo-Boereoorlog op Prieska-koppie gebou is, in geheel uit hierdie steen opgerig is en vandag as 'n nasionale monument bewaar word.

Die bewaring van Prieska se ryke erfenis is egter, gemeet aan die verval van die Prieska-museum, nie op die plaaslike munisipaliteit se prioriteitslys nie.


Lize-Marie Smit, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Karoo, het in Augustus die probleme rakende verval van die museum en die onregmatige verwydering van museum- en argiefstukke onder die aandag van die munisipale bestuurder gebring en dringende antwoorde daarop geëis. Dit blyk egter dat finansiële beperkinge en die wil tans by die munisipaliteit ontbreek om saam met die gemeenskap 'n plan vir die bewaring van die museum te bewerkstellig.

Die Prieska-museum, wat onder meer uitstallings met geologiese items uit die streek en gebruiksitems van vroeë nedersetters in die gebied bevat, is reeds 'n geruime tyd lank gesluit vir die publiek. En hoewel dit duidelik is dat items uit die museum verwyder is, is dit nie seker watter items dalk nou vir ewig verlore is nie, aangesien die museum nie eens oor 'n basiese bateregister beskik nie, verduidelik Smit.

Na aanleiding van onder meer gesprekke met kenners verbonde aan die McGregor-museum in Kimberley, stel AfriForum nou ondersoek in na maniere waarop die Prieska-museum se historiese stukke bewaar kan word. "Die verskuiwing van stukke na naburige museums waar dit op bruikleen geplaas kan word, sal vir nou kan help toesien dat daar nie nog stukke weggedra word nie," sê Smit. Die hoop is egter om die stukke later as deel van 'n deeglik beplande privaat distriksmuseum terug te bring Prieska toe waar dit hoort en om as deel van 'n groter toerismeplan die bewaring van die dorp en ander dorpe in dié munisipaliteit, insluitend Draghoender, Marydale en Niekerkshoop, se erfenis weer toeganklik te maak vir inwoners en besoekers. AfriForum se plaaslike tak sal na verwagting 'n belangrike rol in die projek speel.

Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, benadruk dat die verval van museums, soos dié in Prieska, nie uniek is nie. "By owerhede, nasionaal en internasionaal, is erfenis baie selde 'n prioriteit en daarom is dit noodsaaklik dat gemeenskappe self verantwoordelikheid vir die bewaring van hulle erfenis neem," verduidelik sy. "Daar is uitnemende voorbeelde van hoe gemeenskappe dit kan regkry."

In haar aanlyn artikelreeks oor interessante erfenisterreine en -verhale oor die hele land heen, stel Bailey ook telkens ondersoek in na plattelandse museums. So is daar byvoorbeeld in April 2022 'n privaat dorpsmuseum op die Vrystaatse dorpie Paul Roux geopen wat dié dorp se storie vertel en nou, deur middel van onder meer maandelikse museumdae en demonstrasies, as kulturele bymekaarkomplek vir die dorpenaars en toeriste dien. Die gemeenskap het hier self eienaarskap van die museum en die bewaring van hul geskiedenis geneem.



Die tieroogfort uit die dae van die Anglo-Boereoorlog op Prieska.



Die N.G. Kerk Prieska is in 1921 ingewy.



**Katinka Oosthuizen**, aanbieder van *Platsak tot stinkryk*

# NUUT op die AfriForumTV-kassie

Deur Ilze Nieuwoudt | Foto's: Verskaf

### Skole kry eie tuiste op AfriForumTV

'n Opwindende nuwe inisiatief is pas by AfriForumTV bekendgestel en bied aan skole oor die hele land heen nou die geleentheid om kosteloos 'n eie kanaal op AfriForumTV te vestig. Hier kan skole hul eie inhoud met hul eie geslote gehore deel en die gerief en sekuriteit van AfriForumTV se platform ten volle benut. Bereik 'n gehoor wat daardie spesiale oomblik op die verhoog misgeloop het, die seun daardie wendrie tydens die eerste rugbyspan se naelbytoorwinning weer en weer wil beleef, die dogter wat vanjaar se treffertoneelstuk net nog 'n keer wil kyk of selfs die skool se nuusspan wat die jongste nuus direk aan die skoolgemeenskap bring – die geleenthede is eindeloos. Indien jou skool van hierdie geleentheid gebruik wil maak, kontak Shinelle Brewis by **shinelle.brewis@afriforum.co.za**.

Vermaak – en dit boonop in Afrikaans – was nog nooit só gratis en só gerieflik nie! AfriForumTV se digitale platform, wat in April 2022 bekendgestel is, spog reeds met nagenoeg 170 000 intekenaars wat daagliks voor die kassie (of rekenaar of slimfoon) inskuif om na hul gunstelingprogramme te kyk en te luister. Kies uit 'n wye reeks inhoud, insluitend AfriForumTV se eie topproduksies soos *Die Val* en *Die Korf*; ou gunstelinge soos *Die swart kat* en *Orkney snork nie!;* opnames van gewilde musiekblyspele insluitend *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel* en *Die Kaplyn;* of delf dieper met een van die talle insiggewende dokumentêre en geestelike programme.

Twee opwindende nuwe AfriForumTV-produksies is vanaf Oktober beskikbaar op dié platform – net betyds vir die luilekker somersvakansiedae. Maak seker dat jy dit nie misloop nie.

### *Platsak tot stinkryk*

Katinka Oosthuizen, of aan haar sosialemedia-aanhangers beter bekend as Katinka die Kat, pak in *Platsak tot stinkryk* haar reistas om die land se goedkoopste en duurste toeristebestemmings te gaan verken en te beproef. Sy neem leunstoelreisigers in dié reeks van agt episodes saam op 'n onvergeetlike reis van Suid-Afrika en stel 'n bekostigbare treinrit, die luukse Rovos Rail, 'n prentjiemooi foefieslaaid *(zipline)*, die weelde van Sun City en vele meer op die proef. Beleef die land se skoonheid vanuit die lug, op die golwe van die see, vanuit die boomtoppe van die Tsitsikamma en vanaf die blouste berge van die Kaap. Moenie hierdie reis misloop nie. *Platsak tot stinkryk* is vanaf 17 Oktober beskikbaar op AfriForumTV. Hou AfriForumTV se sosialemediaplatforms dop en staan die kans om groot pryse los te slaan. (Jy sal moet spring, want inskrywings sluit op 30 November 2024!)

### *Ons kos*

Spoegwolflede en broers, Danie en Moskou du Toit, verruil in die nuwe AfriForumTV-reeks *Ons kos* hul kitaar en tromme vir die potte en panne van die kombuis. Hulle klop aan by die koskenner Bertus Basson, historikus Riana Mulder, musieklegende Francois van Coke en selfs hul pa, Johan, en Ouma Beatrix en ontdek saam die oorsprong van verskeie eg Afrikaanse disse. Hulle deel staaltjies en ervarings oor kos, terwyl hulle self koeksisters bak, bolognese op die Du Toit-manier voorberei en selfs melktert op die vuur maak. Hierdie reeks bestaan uit agt episodes en is vanaf einde Oktober beskikbaar op AfriForumTV. Kykers kan ook uitsien na musiek wat dié Spoegwolflede spesiaal geskryf en getoonset het vir die reeks.



**Danie Reënwolf** en sy broer, **Moskou du Toit**, kóók in *Ons kos.*

AfriForum TV

AfriForumTV is AfriForum se gratis stromingskanaal wat beskikbaar is by **www.afriforumtv.co.za** of met die gratis selfoontoepassings op GooglePlay en App Store, asook op GooglePlay op standaard Android TV's of Mi Box-toestelle.




## 'N NUWE VAKANSIE-ERVARING WAT ALLES INSLUIT





Ontdek wat 'n allesinsluitende droomvakansie werklik beteken, en kom ervaar sowel avontuur as rustigheid aan die suidkus van KwaZulu-Natal. Maak jou vakansie besonders met etes, verblyf en 'n verskeidenheid aktiwiteite om van te kies vir die hele gesin. The Blue Marlin se allesinsluitende seewegbreek word binnekort bekendgestel.

### WAT OM TE VERWAG:

- 'n Vakansie-ervaring wat alles insluit en waar daar na alles omgesien word vir jou – alle etes en drankies is ingesluit
- Koel af in ons opgeknapte en gemoderniseerde swembadarea
- Opgegradeerde fasiliteite
- Ontspan in styl in ons verbeterde sit-areas en geriewe wat ingerig is vir gaste se gemak
- 'n Verskeidenheid aktiwiteite en opgeknapte areas vir alle ouderdomme



**HIERDIE AANBOD WORD IN DIE SOMER VAN 2024 GELOODS**

24-uur sentrale besprekings:
Telefoonnommer: +27 (0)861 010 347 / E-pos:reservations@dreamresorts.co.za

Kleuter Zone

GROEP VAN SKOLE

WAAR DROME BEGIN

# KOOP IN BY KLEUTERZONE

## EN VERDIEN ONMIDDELLIKE UITKEERWINSTE.

**Kleuterzone Groep van Skole het bykans 100 skole landswyd en is ’n ongelooflike suksesverhaal!**


**Koop nou in by bestaande skole en verdien onmiddellike uitkeerwinste.**

**ONS BIED:**

- Robotika en Kodering
- Die Beste Kurrikulum!
- Die Veiligste Speelgrond!
- Ekstra Vakke!
(Wiskunde, Wetenskap ens.)
- Gesonde Spyskaart!
- Christelike waardes!
En baie meer!











Besoek www.kleuterzonegroep.co.za of stuur ’n e-pos aan anthonie@kleuterzonegroep.co.za vir meer inligting.